

DIE RISIKOREËL INGEVOLGE DIE CISG EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOOPKONTRAK

deur

Lenró Barend Mostert

LLB (*cum laude*)

Studentenommer: 20845642

Voorgelê ooreenkomstig die vereistes vir die graad Magister Legum in In- en
Uitvoerreg aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Suid-Afrika

Studieleier: Prof S de la Harpe (NWU)

Desember 2011

INHOUDSOPGAWE

Lys van afkortings.....	iii
1 Inleiding.....	1
2 Teorieë met betrekking tot die risikoreël.....	5
2.1 Inleiding.....	5
2.2 Sluit van die koopkontrak.....	6
2.3 Oordrag van eiendomsreg.....	7
2.4 Oordrag van fisiese beheer van die koopsaak.....	8
2.5 Gevolgtrekking.....	9
3 Risikoreëling ingevolge die CISG.....	10
3.1 Inleiding.....	10
3.2 Gevolge van die oorgang van risiko.....	11
3.3 Risiko.....	14
3.4 Kontrakte wat voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak.....	15
3.5 Verkope in transito.....	22
3.6 Oorblywende gevalle.....	27
3.7 Gevolgtrekking.....	29
4 Risikoreëling ingevolge die Suid-Afrikaanse koopkontrak.....	33
4.1 Inleiding.....	33
4.2 Gevolge van die oorgang van risiko.....	34
4.3 Risiko.....	36
4.4 Die koopprys moet bepaal of bepaalbaar wees.....	37
4.5 Die koopsaak moet bepaal wees.....	39
4.6 Die koopkontrak moet onvoorwaardelik wees.....	40
4.7 Kontrakte wat voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak.....	42
4.8 Verkope in transito.....	46
4.9 Oorblywende gevalle.....	47
4.10 Gevolgtrekking.....	47
5 Gevolgtrekking.....	50
Bibliografie.....	54

LYS VAN AFKORTINGS

Am J Comp L	American Journal of Comparative Law
Colum J Transnat L	Columbia Journal of Transnational Law
EDI L Rev	EDI Law Review
Eur Trans L	European Transport Law
CISG	United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods 1980
Int Trade & Bus L Ann	International Trade and Business Law Annual
J L & Com	Journal of Law and Commerce
JSAL	Journal of South African Law
Nw UL Rev	Northwestern University Law Review
SALJ	South African Law Journal
SA Merc LJ	South African Mercantile Law Journal
THRHR	Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg
UMKC L Rev	University of Missouri Kansas City Law Review

1 Inleiding

By 'n internasionale kooptransaksie, waar die koper en verkoper in verskillende lande geleë is, bestaan daar altyd die gevaar dat die koopsaak beskadig kan word op 'n tydstip tussen die sluit van die kontrak en ontvangs van die goedere deur die koper. So 'n gebeurtenis kan byvoorbeeld plaasvind gedurende die laai van goedere by die verkoper se perseel, in 'n skip gedurende seevervoer, gedurende binnelandse vervoer, gedurende die aflaai van goedere by hulle bestemming of op enige ander tydstip.¹ Wanneer so 'n rampspoedige gebeurtenis plaasvind, word die vraag gevra welke een van die partye die risiko van sodanige beskadiging of verlies dra. Die antwoord op hierdie vraag is afhanklik van die betrokke regstelsel wat die koopkontrak beheers en die terme van die kontrak self.²

Die risikoreël in die koopkontrak is van groot praktiese belang weens die finansiële implikasies wat dit vir 'n kontraksparty inhou. Hierdie vraagstuk het verskeie juriste, regters en praktisyns sedert die Romeinse tydperk geïnteresseer.³ Afhangend van die regstruktuur, sosiale omstandighede en agtergrond, het daar hoofsaaklik drie teorieë in nasionale regsisteme oor die bepaling van risiko by die koopkontrak ontwikkel.⁴ Ingevolge elkeen van hierdie teorieë gaan die risiko op verskillende tydstippe in die koopproses op die koper oor, naamlik die tydstip waarop die kontrak gesluit word, die tydstip waarop eiendomsreg aan die koper oorgedra word en die tydstip

1 Flambouras 2001 *Int Trade & Bus L Ann* 87.

2 Hoewel partye in beginsel vry is om deur ooreenkoms te bepaal welke regstelsel hulle kontrak sal beheers, word daar in die praktyk dikwels nie vir so 'n uitdruklike keuse in die kontrak voorsiening gemaak nie. In die afwesigheid van so 'n keuse sal dit vir die relevante hof wees wat 'n dispuut tussen die partye aanhoor om die toepaslike regstelsel vas te stel in ooreenstemming met die reëls van die internasionale privaatreë (Coetzee *INCOTERMS* 2; Forsyth *Private International Law* 304-313).

3 Flambouras 2001 *Int Trade & Bus L Ann* 87.

4 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>; Audit "The Vienna Sales Convention" 181

waarop die goedere aan die koper gelewer word.⁵ Die koopreg van meeste nasionale regsisteme word in die algemeen gekritiseer as om nie rekening te hou met die spesifieke eienskappe van internasionale ekonomiese verhoudings nie.⁶ Dikwels is hierdie regsreëls te veralgemeen en gebaseer op historiese konsepte wat nie die behoeftes van hedendaagse handel aanspreek nie.⁷ Hierbenewens is hulle ontwerp om gevolg te gee aan die ekonomiese en sosiale behoeftes van spesifieke samelewings en dus nalaat om die behoeftes van transnasionale verhoudings aan te spreek.⁸ Die vraag in die huidige konteks is egter of dieselfde gesê kan word van die verskeie teorieë in nasionale regsisteme wat die oorgang van risiko betref.

In die internasionale konteks word 80 persent van alle internasionale kooptransaksies deur die Weense Koopkonvensie van 1980 (die CISG)⁹ beheers.¹⁰ As moderne konvensie, spesifiek ontwikkel vir internasionale handel, omvat die CISG die gesamentlike wysheid en ontwikkeling van die koopreg van 'n groot aantal regstelsels en regsfamilies.¹¹ Die opstellers het gestreef om 'n konvensie saam te stel wat vry is van enige spesifieke instelling, remedie, konsep of waardes van enige spesifieke regstelsel.¹² In die sin beliggaam die CISG 'n middeweg tussen verskeie benaderings, tradisies en leerstellings.¹³ Anders as nasionale regsisteme wat die oorgang van risiko op teoretiese aannames baseer, tref die Konvensie onderskeid tussen praktiese situasies waarvolgens die risiko gereël word, naamlik waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die

5 Flambouras 2001 *Int Trade & Bus L Ann* 88-89; Coetzee *INCOTERMS* 106; Von Hoffmann "Passing of Risk" 267-269.

6 Enderlein en Maskow *International Sales Law* par 11; Eiselen 1996 *SALJ* 329.

7 Coetzee *INCOTERMS* 2.

8 Coetzee *INCOTERMS* 2-3; Klotz en Barrett *International Sales Agreements* xxvi.

9 In engels staan hierdie Konvensie bekend as die *United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods*.

10 Bernstein en Lookofsky *Understanding the CISG* 1.

11 Eiselen "A Comparison of the Remedies" 1; Eiselen 1996 *SALJ* 333-338.

12 Eiselen "A Comparison of the Remedies" 1; Eiselen 2007 *SA Merc LJ* 18-19.

13 Eiselen "A Comparison of the Remedies" 1.

koopsaak,¹⁴ waar die koopsaak in transito verkoop word¹⁵ en die oorblywende gevalle, soos byvoorbeeld waar die koopsaak deur die koper by die verkoper se perseel afgehaal moet word.¹⁶ Die CISG word beskou as een van die mees suksesvolle konvensies wat 'n groot stap bied in die rigting van 'n universele koopreg.¹⁷ Die groot aantal lande wat die Konvensie geratifiseer het, getuig van die wêreldwye aanvaarding van die CISG as die beste beskikbare regsbasis vir internasionale handel.¹⁸

Hoewel daar tans oor die 70 lande is wat die CISG aanvaar of geratifiseer het, met die gevolg dat die Konvensie deel vorm van sodanige lande se nasionale reg,¹⁹ is Suid-Afrika egter een van die lande wat nog nie hierdie Konvensie geratifiseer het nie.²⁰ Ten spyte hiervan kan die CISG nietemin in Suid-Afrika toepassing vind in ooreenstemming met die reëls van die internasionale privaatrecht.²¹ Hierbenewens, en sou dit wel die geval wees dat die CISG toepassing vind, bepaal artikel 6 van die Konvensie dat die kontrakspartye, onderhewig aan enkele uitsonderings, kan afwyk van, of die effek van enige van die bepalinge van die Konvensie kan verander. Dit sluit ook die risikoreël in. Dit staan dus die kontrakspartye tot 'n internasionale transaksie vry om deur ooreenkoms te bepaal of die CISG, die Suid-Afrikaanse reg, of 'n kombinasie van die twee, die risiko tussen hulle moet reël.

14 Art 67.

15 Art 68.

16 Art 69.

17 Eiselen 2007 *SA Merc LJ* 25.

18 Eiselen 1996 *SALJ* 345.

19 Na die ratifisering van die CISG verkry daardie lande twee koopregstelsels: die nasionale koopreg wat van toepassing sal wees op meeste transaksies aangegaan tussen die kontrakspartye wat woonagtig is in een van daardie spesifieke lande en die CISG wat primêr van toepassing sal wees op transaksies aangegaan tussen partye wat woonagtig is in verskillende lande wat die Konvensie geratifiseer het (Bernstein en Lookofsky *Understanding the CISG* 1-13).

20 Vir 'n lys van kontrakterende state sien <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/countries/cntries.html>.

21 Hugo 1999 *SA Merc LJ* 3-4.

In teenstelling met die CISG, het die Suid-Afrikaanse koopreg sy oorsprong en ontwikkeling aan die Romeinse en Romeins-Hollandse reg ontleen.²² In breë trekke sluit hierdie ontwikkeling in die vroeë Romeinse wetgewing en praktyke, die kodifisering van hierdie reg deur Justinianus in die laat-klassieke periode, die resepsie van die Romeinse reg in Europa en die ontwikkeling van daardie reg deur verskillende skole regdeur die Middeleeue.²³ Dit sluit ook in die ontwikkeling deur die Romeins-Hollandse outeurs en uiteindelik die resepsie en ontwikkeling van hierdie reg deur die Suid-Afrikaanse howe.²⁴

Die Suid-Afrikaanse risikoreël by die koopkontrak is uniek in sover hierdie reël getrou bly aan sy Romeinse oorsprong.²⁵ Hierbenewens het nie 'n enkele een van die drie bogenoemde teorieë eienskappe wat naastenby verwant is aan die Suid-Afrikaanse risikoreël nie.²⁶ Die *perfecta*-wording van die koopkontrak word as voorvereiste gestel vir die oorgang van die risiko vanaf die verkoper na die koper.²⁷ Die koopkontrak word as *perfecta* beskou sodra die koopprijs bepaal of bepaalbaar is, die koopsaak vasgestel en geïdentifiseer is en die ooreenkoms nie onderworpe is aan 'n opskortende voorwaarde nie.²⁸ Die Suid-Afrikaanse risikoreël is al by geleentheid beskryf as vreemd, onlogies en om in sekere omstandighede onbillik en arbitrêr te funksioneer in die konteks van plaaslike kooptransaksies.²⁹ Of daar enige waarheid in hierdie stelling is, en spesifiek in die konteks van internasionale transaksies, is die vraag wat in

22 Eiselen "A Comparison of the Remedies" 1; Van den Bergh 2008 JSAL 623-631.

23 Eiselen "A Comparison of the Remedies" 1; Van Zyl *Romeinse Privaatreg* 57-66.

24 Eiselen "A Comparison of the Remedies" 1. Hierbenewens is die Suid-Afrikaanse reg ook gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu tot 'n sekere mate beïnvloed deur die Engelse reg.

25 Coetzee *INCOTERMS* 106.

26 Coetzee *INCOTERMS* 131.

27 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

28 Fouché *Legal Principles of Contracts* 163; De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

29 Mostert, Joubert en Viljoen *Die Koopkontrak* 80-81; Lotz "Purchase and Sale" 384; Coetzee *INCOTERMS* 131.

hierdie navorsingsverslag aangespreek sal word. Die doel is om te bepaal of die Suid-Afrikaanse reg, soos gemeet aan die CISG, geskik is om op effektiewe wyse die risiko tussen kontrakspartye te reël in die geval van internasionale transaksies en om aanbevelings in hierdie verband te maak.

2 Teorieë met betrekking tot die risikoreël

2.1 Inleiding

Regsvergelyking leer dat daar hoofsaaklik drie teorieë met betrekking tot die risikoreël in nasionale regsisteme ontwikkel het. Ingevolge hierdie teorieë word die oorgang van risiko aan verskillende insidente tydens die kooptransaksie gekoppel, naamlik die sluit van die koopkontrak; oordrag van eiendomsreg en oordrag van fisiese beheer van die koopsaak.³⁰ Hoewel hierdie teorieë ontstaan het gedurende 'n tydperk waar handelsomstandighede grootliks verskil het van moderne praktyke, vind hulle vandag nog toepassing.³¹

Volgens Roth is nasionale wetgewing en ander regsreëls tot so 'n mate verouderd en verwyder van die kommersiële werklikheid dat daar 'n praktiese oriëntasie tot risikoreëling behoef word.³² As sodanig is dit dan ook nodig om vas te stel of, en tot welke mate, bovermelde teorieë in staat is om gevolg te gee aan die moderne realiteite van internasionale handel wat die oorgang van risiko betref.

30 Von Hoffmann "Passing of Risk" 268; Flambouras 2001 *Int Trade & Bus L Ann* 88.

31 Coetzee *INCOTERMS* 106.

32 Roth 1979 *Am J Comp L* 291-293; Coetzee *INCOTERMS* 106.

2.2 Sluit van die koopkontrak

Hierdie teorie word gevolg in Switserland, Spanje en Nederland.³³ Argumente ten gunste van die aanneming van hierdie teorie bestaan in die geval waar die verkoper in 'n posisie is om fisiese besit van die koopsaak aan die koper oor te dra met die sluit van die koopkontrak.³⁴ Deur die oorgang van risiko aan die sluiting van die koopkontrak te koppel, word daar gesê dat 'n uitnodiging aan die koper gerig word om so vroeg as moontlik besit van die koopsaak te neem.³⁵ Die oorgang van die risiko op so 'n vroeë stadium is die prys vir die versuim van die koper om besit van die koopsaak te neem.³⁶

In die praktyk, en veral in die konteks van internasionale transaksies, is dit egter selde die geval dat die koopsaak direk na sluiting van die kontrak aan die koper gelewer word. Dikwels word die koopsaak onder die beheer van 'n karweier geplaas wat die koopsaak sal vervoer en op sy beurt aan die koper sal lewer.³⁷ Ingevolge hierdie teorie sal die koper dan normaalweg die risiko van skade of verlies dra terwyl die koopsaak onder die beheer van die karweier is, wat hoogs onbillik is, aangesien nóg die koper nóg die verkoper in die fisiese beheer van die koopsaak is.³⁸

Hierdie teorie kan eweneens onbillike gevolge vir die verkoper inhou. Dikwels is die onderwerp van die koop 'n saak wat nog vervaardig staan te word en wat nie in staat is om aan die koper gelewer te word met die sluit van die koopkontrak nie.³⁹ Deur die risiko op die koper te plaas van 'n

33 Von Hoffmann "Passing of Risk" 267-268.

34 Von Hoffmann "Passing of Risk" 269.

35 Von Hoffmann "Passing of Risk" 270.

36 Coetzee *INCOTERMS* 107; Von Hoffmann "Passing of Risk" 270.

37 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

38 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

39 Enderlein en Maskow *International Sales Law* 255; Coetzee *INCOTERMS* 107; Audit "The Vienna Sales Convention" 182.

koopsaak wat onder beheer van die verkoper is, word die moontlikheid van ernstige dispute en litigasie vergroot.⁴⁰ Waar die koopsaak beskadig word, sal die koper in alle waarskynlikheid beweer dat die verkoper versuim het om die nodige sorg oor die koopsaak uit te oefen.⁴¹

2.3 Oordrag van eiendomsreg

Hierdie teorie is aangeneem in Engeland, Frankryk en Italië.⁴² Coetzee wys daarop dat die oordrag van eiendomsreg in 'n koopsaak op regs-, politiese-, ideologiese- en veiligheidsoorwegings gebaseer is, welke oorwegings nie noodwendig verwant is aan die oorgang van risiko nie.⁴³ Weens die diversiteit van reëls rakende die oordrag van eiendomsreg in nasionale regsisteme, word hierdie teorie dan ook as onprakties beskou in die konteks van internasionale transaksies.⁴⁴ In sommige regsisteme gaan eiendomsreg in die koopsaak oor met die sluit van die koopkontrak, terwyl eiendomsreg in ander regsisteme op 'n latere stadium oorgaan, byvoorbeeld wanneer die koopsaak aan die koper gelever word.⁴⁵ Aangesien beleidsoorwegings onderliggend aan die oorgang van risiko en eiendomsreg onafhanklik van mekaar staan, sal dit bloot kunsmatig wees om die oorgang van risiko aan die oordrag van eiendomsreg te koppel.⁴⁶

Hierdie teorie is ook onprakties in moderne praktyke waar die koopsaak aan die koper gelever word met voorbehoud van eiendomsreg.⁴⁷ In sodanige geval sal die verkoper die risiko moet dra van 'n koopsaak onder beheer

40 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

41 Coetzee *INCOTERMS* 107; Enderlein en Maskow *International Sales Law* 256.

42 Von Hoffmann "Passing of Risk" 268.

43 Coetzee *INCOTERMS* 108.

44 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html>.

45 Visser 1998 *UMKC L Rev* 80.

46 Coetzee *INCOTERMS* 107.

47 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

van die koper, welke resultaat onwenslik is en sekerlik aanleiding sal gee tot litigasie.⁴⁸

2.4 Oordrag van fisiese beheer van die koopsaak

Hierdie teorie vind aanwending in Duitsland, Griekeland, Swede en die Verenigde State van Amerika.⁴⁹ Hierdie teorie blyk die mees billike van die gegewe drie te wees, aangesien die kontraksparty wat in besit van die goedere is in 'n beter posisie is om na die koopsaak om te sien.⁵⁰

Soos reeds genoem, word die koopsaak egter in die meerderheid van internasionale transaksies nie direk aan die koper gelewer nie, maar aan 'n karweier vir die vervoer daarvan na die koper.⁵¹ In sodanige geval word mens weereens gekonfronteer met die vreemde situasie waar die koopsaak nie onder beheer van een van die kontrakspartye is nie, maar in die fisiese besit van 'n karweier.

In hierdie opsig is die vraag dan welke een van die kontrakspartye die risiko behoort te dra terwyl die koopsaak onder beheer van 'n karweier is. Volgens De Vries behoort die kontraksparty wat in 'n beter posisie is om die karweier aanspreeklik te hou vir verlies of skade aan die koopsaak, die risiko te dra.⁵² De Vries wys daarop dat dit meer dienstig sal wees om die risiko te plaas op die kontraksparty wat onderneem het om reëlins te tref vir die vervoer van die koopsaak.⁵³ In die geval waar die koopsaak verseker is, word daar aan die hand gedoen dat die party wat in 'n beter posisie is om vergoeding vir verlies of skade vanaf die versekeraar te eis,

48 Coetzee *INCOTERMS* 108; Valioti 2003
<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

49 Von Hoffmann "Passing of Risk" 269.

50 Coetzee *INCOTERMS* 108.

51 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

52 De Vries 1982 *Eur Trans L* 512-515.

53 De Vries 1982 *Eur Trans L* 513-514; Stocks 1993 *Nw UL Rev* 1448.

die risiko behoort te dra.⁵⁴ Normaalweg sal dit die koper wees, aangesien hy in 'n beter posisie is om die omvang van die skade te beoordeel wanneer die koopsaak aan hom gelewer word.⁵⁵

2.5 Gevolgtrekking

In sover die oorgang van risiko gekoppel word aan die sluit van die koopkontrak, word die billikheid en effektiwiteit van hierdie teorie, wat 'n internasionale transaksie betref, beperk tot gevalle waar die verkoper in 'n posisie is om die koopsaak aan die koper te lewer met die sluit van die koopkontrak. Weens die diversiteit van reëls in nasionale regsisteme rakende die oordrag van eiendomsreg is dit nie alleen onwenslik nie, maar bykans onmoontlik om 'n universeel aanvaarbare risikoreël te formuleer wat gebaseer is op die oordrag van eiendomsreg.⁵⁶ Hoewel die oordrag van die risiko op die kontraksparty wat in beheer van die koopsaak is ongetwyfeld die billikste van die gegewe teorieë is, word daar egter nie rekening gehou met moderne praktyke waar die koopsaak onder beheer van 'n karweier of derde by 'n pakhuis geplaas word nie.

Ten einde 'n risikoreël te formuleer om gevolg te gee aan die realiteite van internasionale handel behoort dit uit die voorafgaande duidelik te wees dat die oorgang van risiko nie aan 'n enkele insident tydens die kooptransaksie gekoppel kan word nie. Enderlein en Maskow stel voor dat die risikoreël die behoeftes van hedendaagse handel moet aanspreek sonder om gebuk te gaan onder die belange en ideologieë van verskillende nasionale regsisteme.⁵⁷ In dieselfde trant pleit Goodfriend vir 'n risikoreël wat duidelik, voorspelbaar, doeltreffend en billik is en wat in ooreenstemming is met

54 Enderlein en Maskow *International Sales Law* 257-258.

55 Coetzee *INCOTERMS* 113.

56 Visser 1998 *UMKC L Rev* 80.

57 Enderlein en Maskow *International Sales Law* 256-257.

internasionale handelspraktyke.⁵⁸ So gee Roth dan ook tereg te kenne dat 'n effektiewe internasionale risikoreël prakties georiënteerd behoort te wees, soos gebaseer op kommersiële praktyke, wat 'n weerspieëling toon van die mees algemene bedoelings van kontrakspartye tot 'n internasionale transaksie.⁵⁹

Dit is ook die uitgangspunt te vinde in die CISG.

3 Risikoreëling ingevolge die CISG

3.1 Inleiding

Die CISG omvat substantiewe reëls wat internasionale koopkontrakte beheers.⁶⁰ Die Konvensie vind toepassing wanneer 'n internasionale koopkontrak gesluit word tussen kontrakspartye wie se besigheidsplekke in verskillende state geleë is en albei daardie state die Konvensie geratifiseer het, of waar die reëls van die internasionale privaatreë tot die toepassing van die reg van een van die kontrakterende state lei.⁶¹ Met die groeiende aantal kontrakterende state, is die CISG vinnig besig om die koopreg van die wêreld te word.⁶²

Soos reeds genoem tref die Konvensie onderskeid tussen praktiese situasies waarvolgens die risiko gereël word. Artikel 67 reguleer die oorgang van risiko wanneer die kontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak. Wanneer die koopsaak in transito verkoop word, word

58 Goodfriend 1984 *Colum J Transnat L* 577.

59 Roth 1979 *Am J Comp L* 292-294.

60 Vir 'n historiese agtergrond rakende die totstandkoming van die CISG, sien Eiselen 1996 *SALJ* 332-337.

61 Art 1(1). In beginsel sal die Konvensie ook toepassing vind waar die kontrakspartye die CISG as die toepaslike reg van die kontrak kies (Eiselen 1999 *EDI L Rev* 21).

62 Bernstein en Lookofsky *Understanding the CISG* 1.

die oorgang van risiko deur Artikel 68 gereël. Artikel 69 reguleer die sogenaamde oorblywende gevalle, soos byvoorbeeld waar die koopsaak in 'n pakhuis gehou word of deur die koper by die verkoper se perseel afgehaal moet word.⁶³

Alvorens hierdie artikels aangespreek word, is dit belangrik om te beoordeel welke effek die oorgang van risiko op die regte en verpligtinge van die kontrakspartye het, sowel as die omvang van die "risiko" konsep in die Konvensie.

3.2 Gevolge van die oorgang van risiko

Die stelling dat die risiko op 'n sekere tydstip op die koper oorgaan, beteken dat hy vanaf daardie oomblik die risiko van skade of verlies van die koopsaak sal dra. Artikel 66 maak voorsiening vir die primêre gevolg van die oorgang van risiko op die koper:

Loss of or damage to the goods after the risk has passed to the buyer does not discharge him from his obligation to pay the price, unless the loss or damage is due to an act or omission of the seller.

Waar die koopsaak dus vernietig of beskadig word op 'n tydstip nadat die risiko op die koper oorgegaan het, en selfs voordat die koopsaak aan hom gelewer is, sal hy steeds verplig wees om die koopprys te betaal.⁶⁴

63 Dit is belangrik om daarop te let dat die reëls met betrekking tot die oorgang van risiko, soos met meeste van die reëls in die CISG, slegs toepassing sal vind waar die kontrakspartye nie die oorgang van risiko deur ooreenkoms tussen hulle gereël het nie. Laasgenoemde spruit voort uit die beginsel van kontrakteervryheid soos beliggaam in Artikel 6, welke artikel bepaal dat die kontrakspartye, onderhewig aan enkele uitsonderings, kan afwyk van of die effek van enige van die bepalings van die Konvensie kan verander. Bernstein en Lookofsky *Understanding the CISG* 73 wys daarop dat die reëls met betrekking tot die oorgang van risiko dikwels deur die kontrakspartye uitgesluit word deur die inkorporering van handelsterme in hulle kontrak.

64 Nicholas "Passing of Risk" 483; Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 194. Erauw 2005 *J L & Com*

Hierbenewens sal die koper geen reg van aksie vir enige nie-lewering voortspruitend uit sodanige verlies of skade teen die verkoper hê nie.⁶⁵

Uiteraard sal die koper onthef wees van sy verpligting om die koopprys te betaal waar die verlies of skade intree voordat die risiko op hom oorgegaan het.⁶⁶ In sodanige geval kan die verkoper aanspreeklik wees vir skadevergoeding op grond van die nie-lewering van die koopsaak.⁶⁷ Hierdie remedie sowel as die beskikbaarheid van ander remedies op grond van 'n gebrekkige koopsaak spruit voort uit artikel 36(1), welke artikel bepaal dat die verkoper aanspreeklik is vir enige gebrek wat bestaan op die tydstip waarop die risiko op die koper oorgaan.⁶⁸ Waar die koper egter verkeerdelik weier om die gebrekkige koopsaak te aanvaar nadat die risiko op hom oorgegaan het, sal hy in terme van artikels 85 tot 88 aanspreeklik wees vir enige kostes opgeloop in die bewaring van die koopsaak en moontlik ook, in bepaalde omstandighede, vir skadevergoeding op grond van kontrakbreuk.⁶⁹

Sodra die risiko op die koper oorgegaan het beteken dit ook nie noodwendig dat die verkoper van al sy pligte ten opsigte van die koopsaak onthef is nie.⁷⁰ Ingevolge artikel 85 is die verkoper onder 'n verpligting, terwyl die koopsaak onder sy beheer is, om redelike stappe te neem om die koopsaak te bewaar.⁷¹ Hierdie verpligting duur dus voort totdat die

207 wys daarop dat artikel 66 'n bevestiging van artikel 53 is, welke artikel 'n verpligting op die koper plaas om die koopprys te betaal.

65 Nicholas "Passing of Risk" 484.

66 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 194.

67 Waar die beskadiging veroorsaak is deur 'n hindernis buite die beheer van die verkoper (*force majeure*) sal die verkoper, volgens Erauw 2005 *J L & Com* 208, se aanspreeklikheid vir die koper se skade egter nie verder strek as die waarde van die koopsaak nie. Sien in hierdie verband artikel 79.

68 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 194.

69 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 194. Sien veral ook Oberman *Transfer of Risk* 29-30 op hierdie punt.

70 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 194.

71 Artikel 85 bepaal *inter alia* dat "If the buyer is in delay in taking delivery of the goods...and the seller is either in possession of the goods or otherwise able to

koopsaak aan die koper gelewer word of onder sy beheer geplaas word, ongeag of die risiko op die koper oorgegaan het.

Die algemene reël in artikel 66 vind nie toepassing waar die verlies of skade veroorsaak is deur 'n "handeling of late" van die verkoper nie. As sodanig sal die koper, waar die verlies of skade die gevolg is van so 'n handeling of late van die verkoper, van sy verpligting om die koopprys te betaal onthef wees, selfs al word die koopsaak vernietig of beskadig nadat die risiko oorgegaan het.⁷²

Verskeie interpretasies bestaan rakende die inhoud van die uitdrukking "handeling of late". Aan die een kant word daar aangevoer dat dit dui op die aanspreeklikheid van die verkoper vir kontrakbreuk.⁷³ Hoewel so 'n handeling of versuim van die verkoper normaalweg kontrakbreuk sal uitmaak, is Nicholas egter van mening dat die uitdrukking nie tot situasies van kontrakbreuk beperk is nie.⁷⁴ Ter ondersteuning van sy standpunt gee hy die voorbeeld van 'n koopsaak wat beskadig word met die aflaai daarvan deur die verkoper by die koper se perseel op 'n tydstip nadat die risiko op die koper oorgegaan het. Volgens Nicholas sal hierdie beskadiging nie neerkom op kontrakbreuk nie, maar eerder 'n delik.⁷⁵

control their disposition, the seller must take such steps as are reasonable in the circumstances to preserve them".

72 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 195; Erauw 2005 *J L & Com* 208. Volgens Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html> sal die koper in sodanige geval die opsie hê om die kontrak te repudieer ("avoid"), hetsy in sy geheel of gedeeltelik (art 49(1) en 51), vervanging of herstel van die koopsaak te eis (46(2) en 46(3)), die koopprys te verminder (art 50) en/of skadevergoeding te eis (art 74-77).

73 Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 195; Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

74 Nicholas "Passing of Risk" 484.

75 Nicholas "Passing of Risk" 484.

3.3 *Risiko*

Die woord “risiko” kan ’n verskeidenheid betekenisse dra. Geen definisie word in die CISG verskaf rakende welke insidente onder hierdie konsep val nie. Daar word dikwels gesê dat die hoofdoel van die kontraktereg is om die risiko van al die verskillende verliese wat mag voortvloei uit die kontraktuele verhouding aan die partye toe te ken.⁷⁶

Die bewoording wat in die Konvensie gebruik word, maak voorsiening vir “verlies of skade”.⁷⁷ Volgens Nicholas moet hierdie woorde uitgelê word om die risiko te koppel aan die meer tradisionele en enger sin van verlies voortspruitend uit enige onheil wat nie die gevolg is van ’n handeling of versuim van die ander kontraksparty nie.⁷⁸ Onder die konsep “verlies of skade” word verstaan die risiko van fisiese beskadiging of algehele vernietiging van die koopsaak, insluitend diefstal, gebrekkige verpakking, smelting, ontdooiing, krimpings, verlies van gewig of smaak, die misplasing of oordrag van die koopsaak aan die verkeerde persoon of versending daarvan na die verkeerde adres, sowel as die vermenging van die koopsaak (veral in die geval van vloeistowwe) met ander.⁷⁹

Onsekerheid bestaan oor die vraag of regeringsmaatreëls soos konfiskering, onteining en die plasing van ’n verbod op die in- of uitvoer van sekere produkte ’n risiko is soos bedoel in die CISG.⁸⁰ Sodanige

76 Nicholas “Passing of Risk” 483.

77 Terwyl Artikels 66 en 68 praat van “loss or damage”, maak Artikel 82(2)(b) ook voorsiening vir “goods (that) have perished or deteriorated”.

78 Nicholas “Passing of Risk” 483. Volgens Bridge “The Transfer of Risk” 77 sluit die risiko in “damages by accident, such as loss or damages by natural or fortuitous accidents in transit”.

79 Erauw 2005 *J L & Com* 203. Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html> 8 gee ook die volgende voorbeelde: seewater of oorverhitting wat die gehalte van die koopsaak affekteer, verdamping, onbehoorlike berging van die koopsaak en die nalatige hantering van die koopsaak deur ’n karweier.

80 Coetzee *INCOTERMS* 232-233.

maatreëls word beskou as die risiko dat 'n kontraksparty, deur regswerking, ontnem sal word van die reg om voordelige gebruik van die koopsaak te maak.⁸¹ Aan die een kant word daar geargumenteer dat die oorsaak van die skade of verlies van die koopsaak irrelevant is en dat die koper die risiko sal dra, insluitend die risiko van hierdie regeringsmaatreëls.⁸² Volgens Romein dui die bewoording van die CISG egter slegs op die beskadiging van die struktuur van die koopsaak self en het die Konvensie die werking om 'n risiko op die kontraksparty oor te dra wat versekering teen daardie risiko kan bekom.⁸³ Die outeur wys daarop dat hierdie regeringsmaatreëls nie *per se* gemoeid is met die koopsaak as 'n objek self nie, maar wel met die regte van die eienaar op die koopsaak.⁸⁴ Volgens Bollée het sodanige maatreëls nie betrekking op die "risiko" konsep nie en is dit prakties onmoontlik om versekering daarteen te bekom.⁸⁵

3.4 Kontrakte wat voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak

Artikel 67 reël die oorgang van risiko by die mees algemene vorm van internasionale transaksies, naamlik waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak vanaf die verkoper na die koper.⁸⁶ Die eerste sin van artikel 67(1) bepaal dat

If the contract of sale involves carriage of the goods and the seller is not bound to hand them over at a particular place, the risk passes to the buyer when the goods

81 Erauw 2005 *J L & Com* 204 wys daarop dat risiko's om doeane-goedkeuring te kry vir die uitvoer van 'n koopsaak en die ooreenstemmende verkryging van toestemming en doeane-kwotasies vir die invoer van die koopsaak normaalweg deur die kontrak gereël word deur die insluiting van 'n handelsterm deur die kontrakspartye. Volgens die outeur behoort hierdie risiko's, in die afwesigheid van so 'n handelsterm, deur die risikoreël ingevolge die CISG gereël te word.

82 Bridge "The Transfer of Risk" 77.

83 Romein *The Passing of Risk* 4.

84 Romein *The Passing of Risk* 4.

85 Bollée "The Theory of Risks" 273.

86 Nicholas "Passing of Risk" 487.

are handed over to the first carrier for transmission to the buyer in accordance with the contract of sale.⁸⁷

Die feit dat die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak word gestel as 'n voorvereiste vir die toepassing van artikel 67. Dit beteken egter nie dat hierdie artikel toepassing sal vind by elke transaksie waar die koopsaak vervoer word nie, aangesien feitlik elke internasionale transaksie vervoer van die koopsaak van een plek na die ander sal vereis.⁸⁸ 'n Ander gevolgtrekking sou beteken dat daar geen ruimte sal wees vir die toepassing van artikel 69 nie, welke artikel handel met daardie praktiese gevalle wat nie onder artikels 67 en 68 val nie.⁸⁹ As sodanig moet artikel 67(1) uitgelê word om te vereis dat die koopkontrak voorsiening moet maak, hetsy uitdruklik of stilswyend, vir die vervoer van die koopsaak.⁹⁰ In die praktyk, waar die koopkontrak nie *per se* voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak nie, sal aan hierdie vereiste voldoen word waar die verkoper onder 'n verpligting is of gemagtig is om reëlins te tref vir die vervoer van die koopsaak en dit wel doen.⁹¹

Artikel 67 sal egter nie toepassing vind waar die vervoer van die koopsaak deur die verkoper⁹² self onderneem word nie.⁹³ Die woord "oorhandig"⁹⁴ dui

87 Die Konvensie tref nie onderskeid tussen see-, pad-, of lugvervoer nie en volgens Schlechtriem *Uniform Sales Law* 86 word die risiko ook nie verdeel waar meerdere metodes van vervoer gebruik word nie.

88 Oberman *Transfer of Risk* 31.

89 Bollée "The Theory of Risks" 250.

90 Nicholas "Passing of Risk" 489.

91 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>.

92 Dit is selde dat die koopkontrak vereis dat die koper reëlins moet tref vir die vervoer van die koopsaak. Daarom sal artikel 67(1) waarskynlik nie van toepassing wees waar dit die koper is wat sy eie personeel of fasiliteite gebruik om die koopsaak te vervoer nie (Coetzee *INCOTERMS* 239).

93 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 87; Coetzee *INCOTERMS* 239.

94 Bollée "The Theory of Risks" 252 wys daarop dat die term "hand over" bloot vereis dat die koopsaak onder die beheer van die karweier geplaas word. Waar die koopsaak byvoorbeeld, in die geval van seevervoer, langs die skip afgelaai word en nie aan boord die skip nie, sal die koopsaak steeds geag word aan die karweier oorhandig te wees, solank die karweier die koopsaak op daardie tydstip in sy bewaring neem. Hierdie gevolgtrekking is in ooreenstemming met die gebruik van "hand over" reg deur die CISG in artikels 31(a), 34, 58(2), 68 en 71(2).

op 'n werklike oordrag van besit, wat veronderstel dat die karweier 'n onafhanklike entiteit moet wees.⁹⁵ Waar die verkoper dus sy eie personeel of fasiliteite gebruik om die koopsaak te vervoer sal die koopsaak nie geag word oorhandig te gewees het aan 'n karweier vir die versending daarvan aan die koper vir doeleindes van artikel 67 nie en sal die risiko by hom rus.⁹⁶

Om praktiese redes is dit ook verkieslik dat die risiko by die verkoper bly wanneer die koopsaak deur sy eie personeel of fasiliteite vervoer word. Sou die risiko op so 'n stadium op die koper oorgaan en die koopsaak word beskadig, sal daar 'n groter waarskynlikheid van litigasie bestaan.⁹⁷ Die koper sal moontlik beweer dat die verkoper versuim het om die nodige sorg oor die koopsaak uit te oefen en poog om hom aanspreeklik te hou vir enige skade of verlies op grond van artikel 66.⁹⁸

Die risiko sal op die koper oorgaan wanneer die koopsaak aan die eerste karweier oorhandig word "in ooreenstemming met die koopkontrak". Die vraag wat in hierdie opsig na vore kom, is of die risiko by die verkoper sal

95 Bollée "The Theory of Risks" 250. Coetzee *INCOTERMS* 241 omskryf 'n karweier as 'n persoon of entiteit wat, in terme van 'n vervoerkontrak, onderneem om die koopsaak te vervoer of om reëlins te tref vir die vervoer van die koopsaak deur 'n derde. As sodanig kan die oorgang van risiko, waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak, afhanklik wees van die regstruktuur van die verkoper se besigheid. As die koopsaak vervoer word deur 'n afdeling van die firma wat nie regtens onafhanklik staan van die verkoper se onderneming nie, sal artikel 69 die oorgang van risiko reël. Waar die verkoper egter gebruik maak van 'n regtens onafhanklike entiteit wat subsidiêr aan die verkoper se firma is, sal artikel 67 toepassing vind (Nicholas "Passing of Risk" 487).

96 Volgens Schlechtriem *Commentary on the UN Convention* 506 is die kriteria vir die oorgang van risiko in artikel 67 "the fact that the seller hands over the goods to an independent entity for purposes of their transmission to the buyer". Volgens Bollée "The Theory of Risks" 250 sal die risiko ook op die koper oorgaan waar die koopsaak onder die beheer van 'n sogenaamde vrag-versender ("freight-forwarder") geplaas word. Flambouras 2001 *Int Trade & Bus L Ann* 31 is egter van mening dat dit alleenlik die geval sal wees waar die vrag-versender as prinsipaal optree. Waar hy as agent van die verkoper optree en dus sy aanspreeklikheid uitsluit, is die outeur van mening dat hy nie as 'n karweier vir doeleindes van artikel 67(1) geag sal word nie.

97 Coetzee *INCOTERMS* 241.

98 Bridge "The Transfer of Risk" 86.

rus indien hy sou afwyk van die terme van die kontrak. Volgens Bollée⁹⁹ moet daar tussen twee situasies onderskei word. Waar die verkoper se kontrakbreuk die oorsaak is van die verlies of skade aan die koopsaak, is dit 'n aangeleentheid wat buite die sfeer van die risiko val en die verkoper sal aanspreeklik wees op grond van kontrakbreuk. Waar die verkoper se kontrakbreuk nie die oorsaak van die verlies of skade aan die koopsaak is nie, sal die normale reël met betrekking tot risiko geld en die aangeleentheid sal gereël word deur artikel 70.¹⁰⁰ As sodanig moet die frase "in ooreenstemming met die koopkontrak" dus nie uitgelê word om spesifiek die aangeleentheid van kontrakbreuk te reël nie.¹⁰¹

Waar die verkoper nie gebonde is om die koopsaak op 'n spesifieke plek te oorhandig nie sal die risiko op die koper oorgaan wanneer die koopsaak aan die eerste karweier oorhandig word. In hierdie geval is die roete wat gevolg sal word binne die diskresie van die verkoper. Deur die koopsaak aan die eerste karweier te lewer sal die hele vervoer in beginsel op die risiko van die koper geskied.¹⁰² Die beleid onderliggend aan hierdie bepaling is dat die koper gewoonlik in 'n beter posisie is om vas te stel of die koopsaak beskadig is tydens die vervoer daarvan, die skade te beperk, die res van die goedere te herstel en om 'n versekeringseis in te stel.¹⁰³ Hierbenewens word die risiko ook nie verdeel waar meerdere metodes van vervoer gebruik word nie.¹⁰⁴ Die voordeel van hierdie benadering is dat dit nie nodig sal wees om vas te stel op welke tydstip enige skade ingetree het nie.¹⁰⁵ Die toepassing van hierdie reël lewer egter probleme op waar die verkoper sy eie personeel of fasiliteite gebruik om die koopsaak vir 'n

99 Bollée "The Theory of Risks" 258.

100 Artikel 70 bepaal dat "If the seller has committed a fundamental breach of contract, articles 67, 68 and 69 do not impair the remedies available to the buyer on account of the breach".

101 Bollée "The Theory of Risks" 258.

102 Bollée "The Theory of Risks" 253.

103 Bridge "The Transfer of Risk" 85.

104 Coetzee *INCOTERMS* 240.

105 Bollée "The Theory of Risks" 253.

gedeelte van die roete te vervoer. In sodanige geval word die risiko verdeel en sal dit eers oorgaan op die koper wanneer die koopsaak oorhandig word aan 'n onafhanklike karweier.¹⁰⁶ Indien die presiese oomblik wanneer die skade ingetree het nie vasgestel kan word nie, sal dit baie moeilik wees om te bepaal welke een van die partye moontlik die aanspreeklikheid vir daardie skade sal dra.¹⁰⁷

Waar die verkoper egter gebonde is om die koopsaak aan 'n karweier te oorhandig op 'n spesifieke plek, sal die risiko ingevolge die tweede sin van artikel 67(1) nie oorgaan nie, totdat die koopsaak aan die karweier oorhandig word op daardie plek.¹⁰⁸

If the seller is bound to hand the goods over to a carrier at a particular place, the risk does not pass to the buyer until the goods are handed over to the carrier at that place.¹⁰⁹

Hierdie reël beliggaam 'n uitsondering wat vooraf op ooreengekom moet word deur die partye in die kontrak.¹¹⁰ Waar die verkoper dus onderneem om die koopsaak by 'n spesifieke hawe af te lewer sal die risiko nie oorgaan wanneer die koopsaak aan die eerste karweier oorhandig word nie, maar

106 Bollée "The Theory of Risks" 253.

107 Die CISG verskaf ook nie spesifieke reëls in hierdie verband nie. As sodanig behoort die kontrakspartye die verdeling van risiko so ver moontlik te vermy, soos Goodfriend 1984 *Colum J Transnat L* 580 dit stel: "With the containerisation revolution and multimodal shipment, a policy against splitting the transit risk should be paramount".

108 Oberman *Transfer of Risk* 33-34 wys daarop dat die gebruik van die woord "place" in plaas van "destination" spesifieke betekenis dra in die sin dat "destination" gewoonlik verwys na die eindbestemming van die koopsaak, terwyl die woord "place" 'n meer algemene betekenis dra en ook intermediêre liggings insluit.

109 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 86-87 voer aan dat die reël wat bepaal dat die risiko op die koper oorgaan sodra die koopsaak aan die eerste karweier oorhandig is, dikwels gewysig word deur spesiale kontraktuele bepalinge, soos handelsterme, waar die koopsaak aan 'n verdere karweier oorhandig sal word op 'n spesifieke plek en die risiko dus op die koper sal oorgaan wanneer die koopsaak aan daardie karweier oorhandig word.

110 Bollée "The Theory of Risks" 253.

wel wanneer die koopsaak oorgeneem word by daardie hawe.¹¹¹ Hoewel hierdie reël teenstrydig is met die algemene beginsel van artikel 67(1), naamlik dat die koper die risiko vir die hele vervoer dra, kan die reël egter gesien word as 'n weerspieëling van die moontlike bedoeling van die partye.¹¹² Hierdie reël lei egter weer tot die verdeling van die risiko en die probleme wat daaruit kan voortvloei.¹¹³

Die feit dat die verkoper die vervoerdokumente behou of oorhandig, het geen effek op die oorgang van risiko nie:

The fact that the seller is authorized to retain documents controlling the disposition of the goods does not affect the passage of the risk.¹¹⁴

Dus, waar die koper die dokumente behou ten einde betaling te verseker en die ooreenstemmende reg om die vervreemding van die koopsaak te beheer, verhinder nie die oorgang van risiko op die koper nie.¹¹⁵ Hierdie reël maak dit ook duidelik dat die oorgang van risiko onafhanklik staan van die oordrag van eiendomsreg op die koopsaak.¹¹⁶

'n Bykomende vereiste vir die oorgang van risiko word gestel in artikel 67(2):

Nevertheless, the risk does not pass to the buyer until the goods are clearly identified to the contract, whether by markings on the goods, by shipping documents, by notice given to the buyer or otherwise.

111 Valioti 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html>; Bridge "The Transfer of Risk" 87.

112 Bollée "The Theory of Risks" 254.

113 Bollée "The Theory of Risks" 254.

114 Art 67(1).

115 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 87.

116 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 87. Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel67.html> verwys na hierdie reël as die sogenaamde beheerteorie ("control theory") en voer aan dat die CISG nie die oorgang van risiko aan die oordrag van eiendomsreg kan koppel nie, aangesien die konvensie geen reëls bevat wat voorsiening maak vir die oordrag van eiendomsreg op die koper nie.

In sommige koopkontrakte waar grootmaat vragte vervoer word, veronderstel die oorgang van risiko in artikel 67(1) dat die goedere wat vernietig of beskadig mag word duidelik geïdentifiseer is in die koopkontrak.¹¹⁷ Dit is algemeen vir die verkoper om goedere in grootmaat te laat vervoer waar hy verskeie koopkontrakte gesluit het, of selfs om 'n groter kwantiteit van goedere te vervoer as wat nodig is om te presteer onder die kontrakte wat hy reeds gesluit het.¹¹⁸ In hierdie gevalle word die goedere slegs in die algemeen beskryf en die verkoop handel nie *per se* met spesifieke, geïdentifiseerde goedere nie.¹¹⁹ Daarom word die identifisering van die koopsaak as 'n addisionele vereiste vir die oorgang van risiko in artikel 67(2) gestel.¹²⁰ Die beleid onderliggend aan hierdie reël is om te verhoed dat die verkoper, in die geval van verlies of beskadiging van die besending, valslik beweer dat die beskadigde goedere daardie is wat deur die koper aangekoop is.¹²¹

Hierdie artikel definieer egter nie, behalwe by wyse van illustrasie, wat voldoende sal wees vir doeleindes van identifikasie van die koopsaak nie.¹²² In die geval van die gesamentlike vervoer van verskeie goedere, kan die goedere geïdentifiseer word deur geskikte merke daarop te plaas, soos die adres van die koper, of deur 'n kennisgewing van versending aan die koper te stuur.¹²³ Hierbenewens kan identifikasie ook geskied deur 'n

117 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 88.

118 Bollée "The Theory of Risks" 255; Nicholas "Article 67" 493. Volgens Romein *The Passing of Risk* 9 sal dit normaalweg die geval wees waar 'n skip byvoorbeeld met olie gelaai is en hierdie grootmaat vrag eers onder die verskeie kopers verdeel sal word wanneer die vrag sy bestemming bereik het.

119 Romein *The Passing of Risk* 10. Hier is die verkoper nie verplig om spesifieke goedere uit die onbepaalde massa te lewer nie; hy het die reg om uit hierdie saamgestelde massa te kies welke goedere hy wil lewer.

120 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 88.

121 Bollée "The Theory of Risks" 255; Nicholas "Passing of Risk" 493.

122 Nicholas "Passing of Risk" 493.

123 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 88. Volgens Bollée "The Theory of Risks" 255 sal die blote versending van die kennisgewing afdoende wees om die vereiste te vervul en nie die ontvangs daarvan deur die koper nie. Volgens die outeur word

vervoerdokument met 'n duidelike beskrywing van die inhoud daarvan, sodat 'n spesifieke gedeelte van die vrag tot 'n spesifieke kontrak geïdentifiseer kan word.¹²⁴

Daar bestaan meningsverskil oor die tydstip waarop die risiko sal oorgaan in die geval van 'n genuskoop, soos olie of koring, waar die goedere in een vraghouer vervoer word of op een skip vir verskeie kopers en die vraghouer slegs geïdentifiseer is vir die kopers gesamentlik.¹²⁵ Volgens een siening sal die identifikasie van die gesamentlike vrag voldoende wees: die kopers vorm 'n vereniging vir doeleindes van die risiko en sal die risiko dra vir enige skade of verlies wat plaasvind tydens die vervoer, in die verhouding tot elkeen se aandeel in die gesamentlike vrag.¹²⁶ 'n Ander opinie is dat die goedere in sodanige geval nie as "duidelik geïdentifiseer" geag kan word nie, en dat die risiko eers op 'n koper sal oorgaan wanneer die goedere verdeel word tussen die onderskeie kopers.¹²⁷ Volgens Bollée sal die risiko by so 'n genuskoop alleenlik op die kopers oorgaan waar dit uit die omstandighede afgelei kan word dat die partye by implikasie ooreengekom het dat die risiko deur die kopers gedra word, al is die goedere nie tot elke afsonderlike kontrak geïdentifiseer nie.¹²⁸

3.5 Verkope in transit

Artikel 67(1) kan nie toepassing vind in die geval waar die koopsaak reeds in transit is met die sluit van die koopkontrak nie, aangesien die koopsaak in sodanige geval nie aan die karweier oorhandig is "vir die versending

hierdie gevolgtrekking versterk deur die voorbeeld in die artikel dat geskikte merke op die koopsaak voldoende sal wees, aangesien daar in sodanige geval ook geen onmiddellike kommunikasie aan die koper is nie. Sien ook artikel 27 in hierdie verband.

124 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 88.

125 Romein *The Passing of Risk* 10.

126 Bollée "The Theory of Risks" 256; Romein *The Passing of Risk* 10

127 Bollée "The Theory of Risks" 256.

128 Bollée "The Theory of Risks" 256.

daarvan aan die koper in ooreenstemming met die koopkontrak" nie.¹²⁹ Hierdie situasies word gereël deur artikel 68. Die eerste sin van artikel 68 maak voorsiening vir die primêre reël dat die koper die risiko dra vanaf die oomblik van die sluit van die koopkontrak wanneer die koopsaak in transitto verkoop word:

The risk in respect of goods sold¹³⁰ in transit passes to the buyer from the time of the conclusion of the contract.

Waar die koopsaak beskadig word deur 'n maklik identifiseerbare oorsaak, soos 'n storm, vuur of vragmotorbotsing, word geen probleme ondervind met die toepassing van hierdie reël nie.¹³¹ Maar dit is egter dikwels onmoontlik om 'n spesifieke gebeurtenis as die oorsaak, of die eksklusiewe oorsaak, van die skade te identifiseer.¹³² Hierbenewens, waar die skade gedeeltelik toe te skryf is aan 'n gebeurtenis wat plaasgevind het na die sluit van die koopkontrak en deels aan 'n gebeurtenis daarvoor, sal beide die koper en verkoper eise moet instel voortspruitend uit hierdie gebeurtenisse.¹³³

Die tweede sin maak voorsiening vir die terugwerkende oorgang van die risiko op die koper vanaf die oomblik waarop die koopsaak aan die karweier oorhandig is:

129 Bollée "The Theory of Risks" 260; Von Hoffmann "Passing of Risk" 292-293.

130 Bridge "The Transfer of Risk" 93-94 wys daarop dat die term "sold" nie die tegniese betekenis kan dra om daarop te dui dat eiendomsreg op die koper oorgedra is nie, aangesien die CISG, soos reeds genoem, geen bepalings bevat wat die oordrag van eiendomsreg reël nie. Hierdie uitdrukking moet daarom verstaan word om te dui op die koopsaak wat die onderwerp van die kontrak is nadat dit verskeep is en op pad is na sy bestemming.

131 Nicholas "Passing of Risk" 496; Goodfriend 1984 *Colum J Transnat L* 589.

132 Honnold *Uniform Law for International Sales* 409; Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 202.

133 Nicholas "Passing of Risk" 496. Waar dit onmoontlik is om vas te stel op watter oomblik die skade ingetree het, is Romein *The Passing of Risk* 12 van mening dat die risiko feitlik by die verkoper sal rus aangesien hy slegs aanspreeklikheid sal kan vryspring indien hy kan bewys dat die risiko reeds op die koper oorgegaan het toe die skade ingetree het.

However, if the circumstances so indicate, the risk is assumed by the buyer from the time the goods were handed over to the carrier who issued the documents embodying the contract of carriage.¹³⁴

Hierdie reël voorkom enige bewysregtelike probleme en hou die voordeel in dat slegs die koper eise moet instel voortspruitend uit skade wat intree wanneer die koopsaak in transit is.¹³⁵ Aan die ander kant sal hierdie reël egter ook die gevolg van enige gebrek in die versekering van die koopsaak op die koper plaas.¹³⁶ Die hoofprobleem lê in die onduidelikheid van die betekenis van die frase "indien die omstandighede so aandui".¹³⁷ Daar word aan die hand gedoen dat een so 'n geval die insluiting van 'n bepaling in die koopkontrak sal wees wat die verkoper verplig om die versekeringspolis aan die koper oor te dra.¹³⁸ Aangesien kontrakte soos beoog in hierdie artikel gewoonlik voorsiening maak vir so 'n bepaling, sal so 'n interpretasie die effek hê om hierdie reël algemeen toepaslik te maak.¹³⁹

134 Volgens Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 201 sal die kontrakspartye normaalweg ooreenkom dat 'n karweier die koopsaak aan die koper sal lewer in plaas van die verkoper, wat gewoonlik gedoen word deur die oordrag aan die koper van 'n kognossement ("bill of lading"). Volgens die outeur vereis artikel 68 egter nie dat die dokument verhandelbaar moet wees nie en sal die artikel byvoorbeeld ook van toepassing wees op verkope onder 'n vragbrief ("consignment note"). Sien veral ook Schlechtriem *Uniform Sales Law* 89 in hierdie verband. Of die artikel ook van toepassing sal wees in gevalle waar geen tradisionele dokument vir die vervoer uitgereik is nie, is egter onseker. Volgens Romein *The Passing of Risk* 12-13 en Bollée "The Theory of Risks" 262 sal die artikel nie toepassing vind waar geen dokumente uitgereik is nie.

135 Nicholas "Passing of Risk" 496-497. Volgens Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel67.html> sal dit meer gerieflik wees vir die koper om 'n eis teen die karweier en die versekeraar in te stel vir enige verlies of skade aan die koopsaak. Hoewel die outeur nie konkrete redes gee vir sy siening nie, kan daar geargumenteer word dat die koper gewoonlik in 'n beter posisie sal wees om die omvang van die skade te beoordeel met die ontvangs van die koopsaak.

136 Nicholas "Passing of Risk" 497. So gee Von Hoffmann "Passing of Risk" 293 ook te kenne dat "it is unacceptable for the buyer to assume the risk for the time before conclusion of the contract if the goods had not been insured prior to that date".

137 Nicholas "Passing of Risk" 497. Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 202 wys daarop dat hierdie onduidelikheid nie alleen aanleiding kan gee tot litigasie nie, maar ook tot verskillende interpretasies kan lei.

138 Nicholas "Passing of Risk" 497; Honnold *Uniform Law for International Sales*. 410.

139 Von Hoffmann "Passing of Risk" 294; Bollée "The Theory of Risks" 261.

'n Verdere onsekerheid spruit voort uit die gebruik van die woord "omstandighede", eerder as 'n verwysing na die "bedoeling van die partye".¹⁴⁰ Die gebruik van die woord "omstandighede" kan verstaan word om die reël in die tweede sin voorkeur te laat geniet oor wat die partye bedoel het, maar die meer waarskynlike verduideliking is dat daardie woord bedoel was om situasies te dek waar die bedoeling van die partye nie duidelik is nie, maar uit die omstandighede afgelei moet word.¹⁴¹ Om die voorbeeld hierbo van die versekeringspolis te gebruik: daar mag dalk nie 'n uitdruklike bepaling tot hierdie effek wees nie, maar daar sal, in terme van hierdie siening, voldoende "omstandighede" wees indien die versekeringspolis deel is van die dokumente wat die verkoper aan die koper oordra.¹⁴²

Waar die verkoper egter met die sluit van die koopkontrak kennis gedra het van die feit dat die koopsaak beskadig was of verlore gegaan het, of waar sodanige kennis hom toegereken word en hy nie hierdie feit bekend gemaak het aan die koper nie, sal die risiko by hom rus.¹⁴³ So bepaal die derde sin van artikel 68:

Nevertheless, if at the time of the conclusion of the contract of sale the seller knew or ought to have known that the goods had been lost or damaged and did not disclose this to the buyer, the loss or damage is at the risk of the seller.¹⁴⁴

140 Nicholas "Passing of Risk" 497.

141 Schlechtriem *Uniform Sales Law* 89. Sien ook in hierdie verband Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel67.html>

142 Nicholas "Passing of Risk" 497; Honnold "Risk of Loss" 11.

143 Honnold *Uniform Law for International Sales* 410 voer aan dat hierdie reël in werklikheid 'n verpligting op die verkoper plaas om die koper in kennis te stel van enige skade sodat die koper kan besluit of hy wel die kooptransaksie wil aangaan al dan nie.

144 Soos Schlechtriem *Uniform Sales Law* 89 tereg aandui, het hierdie reël die effek dat die terugwerkende oorgang van risiko slegs ten gunste van die *bona fide* verkoper sal wees. Sien in hierdie verband ook Romein *The Passing of Risk* 13.

Verskeie probleme word met die interpretasie van hierdie artikel opgelewer. Eerstens verwys die frase “die verlies of skade” alleenlik na daardie verlies of skade waarvan die verkoper bewus was ten tye van die sluit van die koopkontrak, of sluit dit ook in skade wat ingetree het, maar waarvan die verkoper nie kennis gedra het nie?¹⁴⁵ Behoort dit ook skade in te sluit wat intree na die sluit van die koopkontrak, maar wat verbind is aan die oorspronklike skade? Een siening is dat die verkoper net aanspreeklik sal wees vir die skade wat alreeds ingetree het met die sluit van die koopkontrak waarvan hy bewus was of bewus behoort te gewees het.¹⁴⁶ ’n Ander siening is dat die verkoper ook aanspreeklik sal wees vir alle skade wat intree na die sluit van die koopkontrak.¹⁴⁷ Die mees billike en korrekte siening blyk egter die van Bollée te wees. Volgens hom sal die verkoper aanspreeklik wees vir alle skade wat (reeds) ingetree het met die sluit van die koopkontrak, sowel as alle gevolglike skade wat kousaal verbind is aan die oorspronklike skade.¹⁴⁸ Hierdie siening hou die voordeel in om ’n verdeling van risiko in transito te vermy, tesame met die gepaardgaande bewysregtelike probleme soos hierbo.¹⁴⁹

Terwyl artikels 67(2) en 69(3) beide vereis dat die spesifieke koopsaak wat die onderwerp van die koopkontrak vorm geïdentifiseer moet wees alvorens die risiko op die koper sal oorgaan, word geen melding van hierdie vereiste gemaak in artikel 68 nie. Gesien in die lig van die beleid onderliggend aan die individualiseringsvereiste, kan daar egter geargumenteer word dat hierdie vereiste ook geld by artikel 68.¹⁵⁰

145 Sien op hierdie punt veral ook Bollée “The Theory of Risks” 262.

146 Romein *The Passing of Risk* 13.

147 Romein *The Passing of Risk* 13.

148 Bollée “The Theory of Risks” 263.

149 Nicholas “Passing of Risk” 499.

150 Bollée “The Theory of Risks” 264; Schlechtriem *Uniform Sales Law* 89.

3.6 Oorblywende gevalle

Artikel 69 reël die oorgang van risiko in daardie gevalle wat nie onder artikels 67 en 68 val nie. Artikel 69(1) bepaal dat

In cases not within articles 67 and 68, the risk passes to the buyer when he takes over the goods or, if he does not do so in due time, from the time when the goods are placed at his disposal and he commits a breach of contract by failing to take delivery.

Aangesien artikel 67 van toepassing is op kontrakte wat voorsiening maak vir die “vervoer van die koopsaak” en artikel 68 ook van toepassing is op kontrakte waar die koopsaak oorhandig is aan ’n “karweier”, sal artikel 69 van toepassing wees op bykans alle koopkontrakte wat nie die “vervoer van die koopsaak” deur ’n “karweier” behels nie.¹⁵¹ Artikel 69(1) vind toepassing in gevalle waar die koper kontraktueel gebonde is om die koopsaak oor te neem by die besigheidsperseel van die verkoper.¹⁵²

Die risiko gaan oor op die koper wanneer lewering moet geskied en die koopsaak geïdentifiseer is onder die kontrak.¹⁵³ Indien ’n spesifieke datum vir lewering vasgestel is en die koper neem besit van die koopsaak op daardie datum, gaan die risiko op hom oor. In die geval waar die verkoper egter nie in ’n posisie is om die koopsaak op daardie datum te lewer nie, sal die risiko eers op die koper oorgaan sodra hy in kennis gestel word dat die koopsaak beskikbaar is en hy wel besit daarvan neem.¹⁵⁴ Sou die koper besit van die koopsaak neem op ’n vroeëre tydstip as die ooreengekome

151 Nicholas “Passing of Risk” 502. Sien ook artikel 31.

152 Coetzee *INCOTERMS* 251. Volgens Nicholas “Passing of Risk” 502 sal Artikel 69(1) egter ook toepassing vind in gevalle waar die koper nie gebonde is om die koopsaak op enige spesifieke plek oor te neem nie, aangesien Artikels 67 en 68 nie vir sodanige gevalle voorsiening maak nie.

153 Art 69(3). Oberman *Transfer of Risk* 36-37 wys daarop dat hierdie vereiste van identifikasie gelykstaande is aan die vereiste in artikel 67(2) en dat artikel 69(3) gelees moet word in die lig van die illustrasies wat neerkom op identifikasie soos verskaf in artikel 67(2).

154 Coetzee *INCOTERMS* 251-252.

datum vir lewering, sal die risiko op hom oorgaan op daardie vroeëre tydstip.¹⁵⁵ Waar die koper versuim om besit van die koopsaak te neem op die datum vir lewering sal die risiko steeds op hom oorgaan op die ooreengekome datum, mits die koopsaak geïdentifiseer is onder die kontrak en die verkoper die koopsaak tot sy beskikking geplaas het op daardie datum.¹⁵⁶

Die beleid onderliggend aan artikel 69(1) is dat die verkoper die risiko moet dra vir solank as wat hy in beheer van die koopsaak is, aangesien hy in 'n beter posisie is om na die koopsaak om te sien en versekering te bekom.¹⁵⁷ Die koopsaak sal normaalweg gedek wees onder 'n bestaande "gebou-en-inhoud" versekeringspolis van die verkoper, terwyl die koper in alle waarskynlikheid 'n spesiale polis sal benodig om die spesifieke risiko te dek.¹⁵⁸

Artikel 69(2) reël daardie gevalle waar die koopkontrak vereis dat die koper die koopsaak oorneem op 'n plek anders as die verkoper se besigheidsperseel:

However, if the buyer is bound to take over the goods at a place other than a place of business of the seller, the risk passes when delivery is due and the buyer is aware of the fact that the goods are placed at his disposal¹⁵⁹ at that place.¹⁶⁰

155 Nicholas "Passing of Risk" 502-503.

156 Wanneer daar 'n spesifieke periode vasgestel is waarbinne die koper besit van die koopsaak moet neem, sal die risiko op hom oorgaan wanneer hy so besit neem, mits dit gedoen word voor die verstryking van daardie periode. Indien hy versuim om besit te neem binne daardie periode sal hy hom skuldig maak aan kontrakbreuk en die risiko sal op hom oorgaan op die tydstip wanneer die koopsaak tot sy beskikking geplaas is (Coetzee *INCOTERMS* 252).

157 Von Hoffmann "Passing of Risk" 294-295.

158 Nicholas "Passing of Risk" 502.

159 Die frase "placing at his disposal" word volgens Sevón 1985 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> 204 uitgelê om te beteken dat die verkoper alle nodige stappe moet neem om die koper in staat te stel om beheer oor die koopsaak te neem.

160 Nicholas "Passing of Risk" 502. Dit sal gewoonlik die geval wees waar die koopsaak oorgeneem word by 'n pakhuis.

Hier is die beleidsoorwegings anders. Die verkoper is in geen beter posisie as die koper om na die koopsaak om te sien, te verseker, of om eise in te stel voortspruitend uit die skade of verlies van die koopsaak nie. Daarom is dit die beleid onderliggend aan hierdie paragraaf dat die risiko op die koper oorgaan sodra hy in 'n posisie is om die koopsaak oor te neem.¹⁶¹ Artikel 69(2) handel nie alleen met daardie gevalle waar die koper gebonde is om die koopsaak byvoorbeeld oor te neem by 'n publieke pakhuis waar die verkoper die koopsaak hou of onderneem het om die koopsaak te plaas nie.¹⁶² Die artikel sal ook toepassing vind in die geval waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak, maar wat nie gedek is onder artikel 67 nie, aangesien daar van die verkoper vereis word om self die koopsaak aan die koper te oorhandig by 'n spesifieke plek.¹⁶³ In sodanige geval sal die risiko oorgaan op die koper wanneer die koopsaak tot sy beskikking geplaas word by daardie plek en hy bewus is daarvan.¹⁶⁴

3.7 Gevolgtrekking

Die CISG beliggaam 'n vars benadering tot risikoreëling in sover daar nie gesteun is op presedente in nasionale regsisteme of tradisionele teorieë in die opstel van die Konvensie nie. Die CISG bied nie een algemene kriteria vir die oorgang van risiko nie, maar wel 'n "tipologie wat verskillende situasies in ag neem".¹⁶⁵ Die ontleding van die bepalings van die Konvensie met betrekking tot die oorgang van risiko toon egter dat hulle vatbaar is vir potensiële strydige interpretasies, wat nie alleen die ontwikkeling van 'n universele koopreg kan belemmer nie, maar ook die

161 Bollée "The Theory of Risks" 267-268.

162 Nicholas "Passing of Risk" 503; Bridge "The Transfer of Risk" 97-100.

163 Nicholas "Passing of Risk" 503.

164 Romein *The Passing of Risk* 17-18.

165 Von Hoffmann "Passing of Risk" 297-298. Die outeur voer aan dat "the UN Sales Convention made a fresh start on the passing of risk problem with an original approach differing remarkably from conventional wisdom, yet trying to be close to practical needs".

ekonomiese doeltreffendheid van die kooptransaksie.¹⁶⁶ Laasgenoemde is toe te skryf aan 'n versuim om belangrike konsepte in die Konvensie te definieer, soos byvoorbeeld die omvang van “verlies of skade” wat die “risiko” konsep betref, welke gedrag van die verkoper 'n “handeling of late” uitmaak vir doeleindes van artikel 66, wanneer die koopsaak geag sal word “oorhandig” te wees aan 'n “karweier” in “ooreenstemming met die koopkontrak” soos bedoel in artikel 67, sowel as die “omstandighede” wat tot die terugwerkende oorgang van risiko op die koper sal lei vir doeleindes van artikel 68.¹⁶⁷

Hoewel die CISG se bepalings met betrekking tot die oorgang van risiko nie heeltemal duidelik is in alle opsigte nie, is die beleidsoorwegings onderliggend aan hierdie bepalings vir die grootste gedeelte wel in ooreenstemming met 'n effektiewe internasionale risikoreël. Artikel 67 het tot gevolg dat die risiko op die koper oorgaan wanneer die koopsaak aan die eerste karweier oorhandig is of aan die karweier op 'n ooreengekome plek. Die koper is gewoonlik in 'n beter posisie om vas te stel of die koopsaak beskadig is tydens die vervoer daarvan, die skade te beperk, die res van die goedere te herstel en om 'n versekeringseis in te stel. Aangesien dit redelik is om aan te neem dat die koper reëlins sal tref vir die versekering van die koopsaak vanaf die oomblik van lewering deur die verkoper en wanneer die koper geregtig is om besit van die koopsaak te neem, sal dit ook billik wees vir die koper om die risiko te dra in sodanige situasie.

Dieselfde beleid word aangetref in artikel 69(2). Waar die koopsaak oorgeneem moet word op 'n plek anders as die besigheidsperseel van die

166 Sien in hierdie verband veral Coetzee *INCOTERMS* 261-264.

167 Volgens Coetzee *INCOTERMS* 261 kan hierdie vae en dubbelsinnige taalgebruik in die Konvensie aanleiding gee tot uiteenlopende interpretasies en gevolge wat indruis teen die fundamentele beginsels van 'n doeltreffende risikoreël gebaseer op sekerheid, duidelikheid en voorspelbaarheid.

verkoper, gaan die risiko op die koper oor wanneer die koopsaak tot sy beskikking geplaas is. Hier is dit ook redelik om aan te neem dat die koper reëlings sal tref vir die versekering van die koopsaak vanaf die oomblik waarop die verkoper sy kontraktuele verpligting om te lewer, nagekom het. Om die risiko op die verkoper te plaas tot op die tydstip waarop die koper werklik besit van die koopsaak neem sal onbillik wees, aangesien die koopsaak nie meer onder die beheer van die verkoper is op daardie stadium nie. Aangesien die verkoper wel in besit van die koopsaak is waar die koopsaak oorgeneem moet word by sy besigheidspersoneel, is hy ook in die beste posisie om na die koopsaak om te sien en versekering te bekom totdat die koper besit van die koopsaak neem. Daarom gaan die risiko ingevolge artikel 69(1) eers oor op die koper wanneer hy so besit van die koopsaak neem. Hoewel die verkoper in 'n beter posisie is om na die koopsaak om te sien vir so lank as wat hy in besit daarvan is, sal dit egter onbillik wees om die risiko op hom te plaas wanneer die koper versuim om besit van die koopsaak te neem op die ooreengekome datum van lewering. As sodanig gaan artikel 69(1) dan ook verder deur die risiko op die koper te plaas op die datum van lewering waar hy versuim om besit van die koopsaak te neem, ten spyte van die feit dat die koopsaak nog onder beheer van die verkoper is.

Coetzee wys daarop dat beleidsoorwegings verder vereis dat die risiko nie verdeel moet word gedurende die vervoer van die koopsaak nie.¹⁶⁸ In hierdie opsig kan artikel 68 moontlik probleme oplewer, aangesien die algemene reël in hierdie artikel bepaal dat die risiko op die koper oorgaan met die sluit van die koopkontrak wanneer die koopsaak in transito verkoop word. Waar die koopsaak beskadig word deur 'n maklik identifiseerbare oorsaak, soos 'n storm, vuur of vragmotorbotsing, word geen probleme ondervind met die toepassing van hierdie reël nie, aangesien dit duidelik sal

168 Coetzee *INCOTERMS* 267.

wees op welke tydstip die skade ingetree het. Dit is egter dikwels onmoontlik om 'n spesifieke gebeurtenis as die oorsaak, of die eksklusiewe oorsaak, van die skade te identifiseer. In sodanige geval kan die algemene reël wat die risiko verdeel nadelige gevolge vir die koper inhou, aangesien hy in effek die risiko vir die hele roete van vervoer sal dra. Die uitsondering op hierdie algemene reël in artikel 68 wat die risiko terugwerkend op die koper plaas vanaf die tydstip waarop die koopsaak aan die karweier oorhandig is, voorkom 'n verdeling van risiko en hou die voordeel in dat slegs die koper eise moet instel voortspruitend uit enige skade wat ingetree het tydens die vervoer van die koopsaak. Die terugwerkende oorgang van risiko word veral ook geregverdig deur die feit dat die versekeringspolis in die algemeen oorgedra word aan die koper.¹⁶⁹

Hoewel daar gesê kan word dat die CISG meer duidelik kon wees in die definiëring van sekere belangrike en kernkonsepte, is dit duidelik dat die risikoreël gebaseer is op beleidsoorwegings wat gevolg gee aan die moderne realiteite van internasionale handel en wat 'n kompromie bied tussen die belange van beide die koper en verkoper tot 'n internasionale transaksie.

169 Coetzee *INCOTERMS* 267.

4 Risikoreëling ingevolge die Suid-Afrikaanse koopkontrak

4.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot die risikoreël weerspieël tot 'n aansienlike mate die Romeins-Hollandse reg van die sewentiende eeu.¹⁷⁰ Sodra die koopkontrak *perfecta* is, gaan die risiko op die koper oor.¹⁷¹ Die koopkontrak word as *perfecta* beskou wanneer die koopprys bepaal of bepaalbaar is, die koopsaak vasgestel en geïdentifiseer is en die ooreenkoms nie onderworpe is aan 'n opskortende voorwaarde nie.¹⁷² In die klassieke Romeinse reg is hierdie reël toegepas op 'n sogenaamde *Barkauf*, 'n onvoorwaardelike kooptransaksie wat gekenmerk is aan die onmiddellike lewering van 'n koopsaak wat deur individualisasie bepaal is met 'n bepaalbare prys teen kontantbetaling.¹⁷³ Ten spyte van die ontwikkeling van meer gesofistikeerde vorms van kooptransaksies, waar lewering van die koopsaak en oorgang van eiendomsreg uitgestel is tot 'n tydstip na die sluiting van die koopkontrak, het die risikoreël in sy oorspronklike vorm bly voortbestaan.¹⁷⁴ Om hierdie rede word die risikoreël vandag dikwels waargeneem as 'n onlogiese en arbitrêre reël wat tot onbillike gevolge aanleiding kan gee.¹⁷⁵

170 Sien in hierdie verband veral Coetzee *INCOTERMS* 84.

171 Volgens De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308 word die Latynse term gebruik, omdat perfeksie 'n besondere betekenis het in die Suid-Afrikaanse koopkontrak wat slegs vir die risikoreëling van belang is. So gee die outeurs die voorbeeld van 'n genuskoop: hoewel hier sprake is van 'n koopkontrak wat behoorlik gesluit en bindend is, is die kontrak nog nie *perfecta* vir doeleindes van die oorgang van risiko nie. Die risikoreël word beskou as die *naturalia* van die koopkontrak (Kahn *Principles of the Law of Sale* 35). As sodanig is die partye, soos by die CISG, geregtig om deur ooreenkoms, hetsy uitdruklik of stilswyend, die reëls met betrekking tot die oorgang van risiko te verander of uit te sluit (De Wet en Yeats *Kontraktereg* 311; Fouché *Legal Principles of Contracts* 165; *Gengan v Pathur* 1977 1 SA 826 (D)). Dit word dikwels deur die partye gedoen deur die inkorporering van handelsterme in hulle ooreenkoms (Coetzee *INCOTERMS* 86).

172 Fouché *Legal Principles of Contracts* 163; De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

173 Coetzee *INCOTERMS* 84.

174 Coetzee *INCOTERMS* 84.

175 Mostert, Joubert en Viljoen *Die Koopkontrak* 80-81; Lotz "Purchase and Sale" 384; Coetzee *INCOTERMS* 131.

Hoewel die Suid-Afrikaanse risikoreël nie onderskeid tref tussen situasies waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak, verkope in transito en oorblywende gevalle soos die CISG nie, sal daar geriefshalwe hierdie onderskeid getref word ten einde die werking van die reël in elkeen van daardie situasies te beoordeel. Soos by die bespreking van die CISG hierbo sal daar eers beoordeel word welke effek die oorgang van risiko op die regte en verpligtinge van die kontrakspartye het, sowel as die omvang van die risikokonsep, wat die Suid-Afrikaanse risikoreël betref.

4.2 *Gevolge van die oorgang van risiko*

Die risiko gaan oor op die koper sodra die koopkontrak *perfecta* is, selfs al is die koopsaak nog nie aan die koper gelewer nie.¹⁷⁶ Waar die koopsaak dus verlore gaan of vernietig word voor lewering, is die verkoper vrygestel van sy verpligting om die koopsaak te lewer hoewel die koper gebonde bly om die koopprys te betaal.¹⁷⁷ Hierdie reël blyk strydig te wees met die algemene beginsels van die Suid-Afrikaanse kontraktereg, aangesien die onmoontlikwording van prestasie by wederkerige verpligtinge in beginsel ook tot gevolg het dat die teenverpligting uitgewis word.¹⁷⁸ Dit is egter nie die geval by die koopkontrak nie: alhoewel die verkoper deur onmoontlikwording van prestasie bevry word van sy verpligting om die koopsaak te lewer, bly die koper aanspreeklik om die koopprys te betaal.¹⁷⁹

Hierdie reël is eweneens ook strydig met die stelreël *res perit domino* wat bepaal dat die koopsaak tot niet gaan ten koste van die eienaar, want alhoewel die koopkontrak *perfecta* mag wees, bly die verkoper nog die

176 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308; Mostert, Joubert en Viljoen *Die Koopkontrak* 81-82.

177 Van den Bergh 2008 *JSAL* 636.

178 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

179 Van den Bergh 2008 *JSAL* 636.

eienaar van die koopsaak tot die lewering daarvan aan die koper.¹⁸⁰ Die risikoreël bepaal egter dat die koper die risiko sal dra al word die saak beskadig voor lewering.¹⁸¹

Na die sluiting van die kontrak is die verkoper onder 'n verpligting om die koopsaak te versorg totdat dit aan die koper gelever word. Waar die verkoper nie hierdie verpligting nakom nie sal hy teenoor die koper weens kontrakbreuk aanspreeklik wees.¹⁸² As sodanig sal die risikoreël net van toepassing wees waar die skade aan die koopsaak nie veroorsaak is weens die *culpa*, *dolus* of *mora* van die verkoper nie.¹⁸³

Waar die verkoper *in mora* is om die koopsaak betyds te lewer (*mora debitoris*), sal die risiko by die hom rus vanaf die oomblik wat hy *in mora* is, ten spyte van die feit dat die koopkontrak *perfecta* is.¹⁸⁴ Die verkoper se aanspreeklikheid word egter verminder deurdat hy nie aanspreeklik sal wees vir enige onheile wat die koopsaak tog sou getref het indien hy betyds presteer het nie.¹⁸⁵ Dieselfde geld in die geval van *mora creditoris* aan die kant van die verkoper, waar hy betaling deur die koper onmoontlik maak.¹⁸⁶

Versuim deur die koper om die koopprys te betaal (*mora debitoris*) of om lewering van die koopsaak te neem (*mora creditoris*), sal tot gevolg hê dat die risiko by hom rus.¹⁸⁷

180 Kahn *Principles of the Law of Sale* 4-8.

181 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

182 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

183 Fouché *Legal Principles of Contracts* 163.

184 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 311; Fouché *Legal Principles of Contracts* 165.

185 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 311; Fouché *Legal Principles of Contracts* 165.

186 Coetzee *INCOTERMS* 105.

187 Coetzee *INCOTERMS* 105.

4.3 Risiko

Die konsep risiko dui op enige verlies voortspruitend uit skade aan of vernietiging van die *merx* of enige nadeel verwant daaraan.¹⁸⁸ Romeins-Hollandse regsouteurs, soos Voet, gee as voorbeelde die dood of verwonding van 'n dier of slaaf, die afbrand of instorting van 'n huis, skipbreuk in die geval van 'n skip en suurwording en lekkasie in die geval van wyn.¹⁸⁹ In die saak *Rood's Trustees v Scott and De Villiers*,¹⁹⁰ het die hof beslis dat onteining van grond deur die Staat 'n nadeel is waarvan die koper die risiko dra. Verliese voortspruitend uit *vis maior* en *casus fortuitus*, verslegting van die saak deur verloop van tyd, skade voortspruitend uit 'n gebrekkige vraghouer en verlies as gevolg van diefstal kom ook die koper toe.¹⁹¹ Hierbenewens kom belastings en ander laste wat die saak opgelê word, ook ten laste van die koper.¹⁹²

Soos reeds genoem sal verliese veroorsaak deur die verkoper se *culpa*, *dolus* of *mora* nie die koper toekom nie. Die reël *periculum creditoris est* kan ook van toepassing wees op die verkoper waar die koopkontrak bepaal dat iets anders as geld oorgedra moet word in gedeeltelike betaling van die koopprys.¹⁹³ So is daar byvoorbeeld in *Van der Merwe v Viljoen*¹⁹⁴ beslis dat indien die koopprys betaalbaar was deur die oordrag van vaste

188 Kahn *Principles of the Law of Sale* 35. Volgens Van den Bergh 2008 JSAL 637 sluit risiko ook in enige nadeel wat die koopsaak toeval of affekteer voortspruitend uit enige verbintenis of agentskap anders as die kontrakbreuk, onregmatige daad of versuim van die verkoper. Die risikoreël geld ten aansien van roerende sowel as onroerende goed (De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308).

189 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308; Kahn *Contract and Mercantile Law* 510.

190 1910 TPD 47. Sien ook *England v Smith* 1904 9 HCG 325.

191 Van den Bergh 2008 JSAL 637.

192 Fouché *Legal Principles of Contracts* 163. Sien ook art 59 van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964 in verband met die verandering van aksyns- en doeaneregte en die invloed daarvan op die koopprys van 'n koopsaak verkoop, maar gelewer nadat die verandering ingevoer is. Die reëling het ten doel om aan die koper die nadeel of voordeel te laat toekom.

193 Van den Bergh 2008 JSAL 637.

194 1953 1 SA 60 (A).

deposito-sertifikate in 'n genoemde institusie, die risiko van waardevermindering van die sekuriteite by die verkoper sal rus.

In die bespreking wat volg, sal die spesifieke vereistes vir die *perfecta*-wording van die koopkontrak beoordeel word.

4.4 Die koopprys moet bepaal of bepaalbaar wees

Die koopprys moet bepaal wees of deur 'n eenvoudige berekening bepaalbaar.¹⁹⁵ Waar die koopprys nog onbepaald is, bly die risiko by die verkoper.¹⁹⁶ Hierdie vereiste is op praktiese oorwegings gebaseer. Waar die koper die risiko moet dra vir die koopsaak en daarom ook die aanspreeklikheid vir die koopprys, is dit nie alleen billik nie, maar ook noodsaaklik dat die koopprys en die omvang van sy aanspreeklikheid bekend is op die tydstip waarop die risiko op hom oorgaan.¹⁹⁷ Sou die koopsaak vernietig word, is die verkoper vry van sy verpligting om te lewer, terwyl sodanige verlies op die koper rus en hy steeds aanspreeklik is om die koopprys te betaal. Hoewel die kontrak tegnies geldig en afdwingbaar is, kan die verkoper se verpligting om die koopprys te betaal in die praktyk slegs afgedwing word indien die koopprys bekend en bepaal is.¹⁹⁸

By 'n koop *ad mensuram*, dit wil sê waar 'n bepaalde massa teen 'n prys per eenheid verkoop word, kan die koopprys alleenlik bepaal word nadat die massa gemeet, geweeg of getel is.¹⁹⁹ Waar sodanige meting, weging of telling nog moet plaasvind, sal die risiko op die verkoper rus.²⁰⁰ Volgens De

195 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 308.

196 Fouché *Legal Principles of Contracts* 163.

197 Coetzee *INCOTERMS* 87-88.

198 Coetzee *INCOTERMS* 88.

199 Van den Bergh 2008 *JSAL* 638. Voorbeelde van 'n koop *ad mensuram* sluit in: hooimied teen 50c per baal van 100kg, 'n steenoond teen R20 per duisend stene en 'n hoop erts teen R50 per ton (De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309).

200 Floyd 1995 *THRHR* 470; De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309.

Groot sal die risiko van verslegting of beskadiging van die koopsaak wel op die koper oorgaan, maar nie die risiko vir vernietiging nie, terwyl Van Leeuwen en Voet 'n koop *ad mensuram* bloot as 'n voorwaardelike koop beskou.²⁰¹ Hamman is gekant teen Van Leeuwen en Voet se uitleg van die koop *ad mensuram* as 'n koop onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde.²⁰² Volgens hom moet die metode waarvolgens die koopprys bepaal word, geag word 'n voorwaarde te wees wat die *perfecta*-wording van die koopkontrak uitstel, en daarom ook die oorgang van die risiko, en nie die werking van die koopkontrak self nie.

De Wet en Yeats wys egter daarop dat elkeen van hierdie benaderings tot die koop *ad mensuram* tot gevolg het dat die koper wel die risiko van verslegting en beskadiging sal dra.²⁰³ Die rasionaal vir hierdie siening is geleë in die feit dat waar die koopsaak slegs beskadig word of versleg in kwaliteit, word die meting, weging of telling nie verhinder nie en kan die prys steeds bepaal word.²⁰⁴ Dit is net waar die koopsaak vernietig is of verlore gaan waar geen prys vasgestel kan word nie en daardie risiko by die verkoper rus.²⁰⁵

Die koop *ad mensuram* moet egter onderskei word van 'n koop *per aversionem*, waar 'n bepaalde massa teen 'n enkele prys verkoop word en die bepaling van die koopprys nie afhanklik is van meting, weging of telling van die koopsaak nie.²⁰⁶ In laasgenoemde geval is die koopprys bepaal en die risiko gaan oor op die koper met die sluiting van die koopkontrak.²⁰⁷

201 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309.

202 Hamman *Die Risiko by die Koopkontrak* 23-24.

203 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309.

204 Van den Bergh 2008 *JSAL* 638-639.

205 Coetzee *INCOTERMS* 89.

206 Kahn *Principles of the Law of Sale* 36 gee 'n voorbeeld van die verkoop van "all the cattle on my farm for R80 000".

207 Coetzee *INCOTERMS* 89.

4.5 Die koopsaak moet bepaal wees

Die koopsaak wat die onderwerp van die koop uitmaak, moet tot die koopkontrak geïdentifiseer wees.²⁰⁸ Voor die identifisering van die koopsaak is dit moeilik vir die koper om sy ekonomiese belang in die kooptransaksie te beskerm.²⁰⁹ Die verpligting van die verkoper om te lewer, word beskryf met verwysing na die objek wat gelewer moet word, naamlik die koopsaak.²¹⁰ Eers wanneer sodanige objek bepaal of geïdentifiseer is, word die koper se ooreenstemmende reg tot lewering prakties afdwingbaar in sover dit betrekking het op 'n eis vir spesifieke nakoming deur die koper.²¹¹

In die geval van 'n genuskoop, dit wil sê waar 'n aantal goedere van 'n bepaalde klas, graad of beskrywing verkoop word en geen individuele voorwerpe aangewys is nie, bly die koopsaak onbepaald.²¹² Eers wanneer die onderwerp van die koop deur individualisasie uitgewys word, is die koopsaak bepaal en gaan die risiko op die koper oor.²¹³ Belangrik in hierdie verband is die vraag of die verkoper alleen kan individualiseer en of medewerking van die koper vereis word.²¹⁴ Hamman pleit vir tweesydigse individualisasie, terwyl De Wet en Yeats 'n saak uitmaak vir eensydige afsondering.²¹⁵ Morice voer aan dat die koper, in die belang van geregtigheid, tot eensydige afsondering behoort toe te stem in gevalle waar afstand hom verhoed om teenwoordig te wees vir individualisasie doeleindes.²¹⁶ Regspraak blyk ook eensydige afsondering as voldoende te

208 Kahn *Principles of the Law of Sale* 37.

209 Coetzee *INCOTERMS* 91.

210 Coetzee *INCOTERMS* 91.

211 Kerr *The law of Sale* 238; Coetzee *INCOTERMS* 91.

212 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309. Bv 1000 sakke, graad X geelmielies.

213 Fouché *Legal Principles of Contracts* 165; De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309-310.

214 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310.

215 Hamman *Die Risiko by die Koopkontrak* 225; De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310.

216 Morice 1912 *SALJ* 244-245.

aanvaar.²¹⁷ Die genuskoop moet nie verwar word met die koop *ad mensuram* nie: by die koop *ad mensuram* is die koopsaak bepaal, maar nie die koopprys nie, terwyl die koopprys by die genuskoop bepaal is, maar nie die koopsaak nie.²¹⁸

Onbepaald is die koopsaak ook by die alternatiewe koop, totdat die koper of verkoper een van die alternatiewe sake as die voorwerp van die koop aangewys het, of slegs een van die sake oorbly as gevolg van die vernietiging van die ander.²¹⁹

4.6 Die koopkontrak moet onvoorwaardelik wees

Wanneer die koopkontrak onderhewig is aan 'n opskortende voorwaarde is die koopkontrak *imperfecta* en bly die risiko by die verkoper totdat die voorwaarde vervul is.²²⁰ Gaan die koopsaak tot niet voordat die voorwaarde vervul is, dra die verkoper die skade.²²¹ Word die koopsaak slegs beskadig hangende die vervulling van die voorwaarde en die voorwaarde word daarna vervul, mag die verkoper die beskadigde saak lewer.²²² Weens die feit dat die verkoper in 'n posisie is om die koopsaak te lewer, en vervulling van die voorwaarde dus steeds moontlik is, sal die

217 Sien in hierdie verband veral *Stein and Hunter v Eckersley* 1893 7 HCG 4 en *Arnell and Douglas v Nourse* 1897 4 OR 435.

218 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309.

219 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 309.

220 Floyd 1995 *THRHR* 465; Fouché *Legal Principles of Contracts* 164. Deur 'n opskortende voorwaarde "word die werking van die verbintenis wat daardeur gekwalifiseer word, opgeskort of uitgestel totdat sekerheid bereik word, deurdat die voorwaarde vervul word of ontbreek" (Van der Merwe ea *Kontraktereg* 309). 'n Koop onderhewig aan 'n ontbindende voorwaarde is onvoorwaardelik, hoewel die weeropheffing van die gevolge daarvan 'n opskortende voorwaarde kan uitmaak, in welke geval die bogenoemde beginsels *mutatis mutandis* vir sodanige gevalle sal geld (De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310).

221 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310. Wanneer die koopsaak tot niet gaan word vervulling van die voorwaarde onmoontlik en rus die risiko aldus by die verkoper (Van den Bergh 2008 *JSAL* 638).

222 Fouché *Legal Principles of Contracts* 164; Kahn *Principles of the Law of Sale* 36.

risiko vir sodanige beskadiging op die koper te rus kom.²²³ As sodanig word die risiko tussen die koper en verkoper verdeel na gelang van die noodlot van die koopsaak.²²⁴

Coetzee wys daarop dat die verduideliking van sodanige verdeling van risiko van verlies en beskadiging tussen die koper en verkoper dikwels moeilik is om te verstaan weens die verskeie benaderings in hierdie verband.²²⁵ Volgens een siening is die hoof faktor in die bepaling van die risiko by 'n koop onderhewig aan 'n opskortende voorwaarde die vraag of die voorwaarde steeds vervul kan word en of sodanige voorwaarde wel vervul is.²²⁶ MacKeurtan voer aan dat die verlies of vernietiging van die koopsaak vervulling van die voorwaarde onmoontlik maak en die risiko daarom op die verkoper rus, terwyl die beskadiging van die koopsaak nie vervulling van die voorwaarde onmoontlik maak nie.²²⁷ Sodra die voorwaarde vervul is gaan die risiko terugwerkend oor op die koper vanaf die tydstop waarop die koopkontrak gesluit is.²²⁸ Norman is egter van mening dat waar die koopsaak vernietig is, die voorwaarde steeds vervul kan word waar sodanige vervulling nie afhanklik is van die bestaan van die koopsaak nie.²²⁹ Aangesien daar geen koopsaak meer bestaan om te verkoop in sodanige geval nie, sal die risiko gevolglik by die verkoper rus.²³⁰ Ingevolge die gemenereg is daar ook voorgehou dat 'n verpligting beëindig waar die koopsaak vernietig word voor vervulling van die voorwaarde.

223 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310; Fouché *Legal Principles of Contracts* 164. In effek dra die koper die risiko van beskadiging van die koopsaak reeds voor vervulling van die opskortende voorwaarde indien die voorwaarde wel vervul word (Floyd 1995 *THRHR* 365). By die koop onderhewig aan keuring geld dieselfde beginsels as by enige ander voorwaardelike koop (De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310; Floyd 1995 *THRHR* 466).

224 Coetzee *INCOTERMS* 93.

225 Coetzee *INCOTERMS* 94.

226 Coetzee *INCOTERMS* 94.

227 Hackwill *MacKeurtan's Sale of Goods* 180-181.

228 Coetzee *INCOTERMS* 94. Vir 'n kritiese bespreking van hierdie argument sien Lambiris 1984 *SALJ* 665.

229 Zulman en Kairinos *Norman's Law of Purchase* par 10.8.2.

230 Zulman en Kairinos *Norman's Law of Purchase* par 10.8.2; Coetzee *INCOTERMS* 94.

Indien die koopsaak slegs beskadig word en die voorwaarde vervul is, gaan die risiko oor op die koper, aangesien die ooreenkoms in sodanige geval geag word afdwingbaar te gewees het reeds voor die skade ingetree het.²³¹

Die oorgang van risiko word nie belet deur 'n bepaling in die koopkontrak rakende die tyd van lewering van die koopsaak nie, aangesien 'n tydsbepaling geen voorwaarde is nie.²³²

4.7 Kontrakte wat voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak

Die Suid-Afrikaanse reg tref in beginsel geen onderskeid tussen die gevalle waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak, verkope in transito en oorblywende gevalle wat die oorgang van risiko betref nie. As sodanig moet die hierdie gevalle beoordeel word in ooreenstemming met die algemene reël van *perfecta*-wording van die koopkontrak.

Van Leeuwen is die enigste Romeins-Hollandse skrywer wat verwys na die geval waar die koopsaak na die koper vervoer moet word.²³³ Volgens die skrywer is 'n koop onderworpe aan 'n vervoerbeding 'n voorwaardelike koop.²³⁴ Ingevolge hierdie siening sal die koper die risiko dra vanaf die oomblik waarop die koopsaak aan hom gelever word, aangesien die voorwaarde op daardie tydstip vervul is.²³⁵ Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel die skrywer spesifiek verwys na die geval waar die koopsaak

231 Coetzee *INCOTERMS* 94.

232 De Wet en Yeats *Kontraktereg* 310. Van der Merwe ea *Kontraktereg* 307-308.

233 Floyd 1995 *THRHR* 469. Van Leeuwen meen dat waar iemand wyn of graan koop wat na die koper vervoer moet word en die koopsaak word tydens die vervoer daarvan vernietig, die verkoper die verlies sal dra. (Coetzee *INCOTERMS* 96; De Wet en Yeats *Kontraktereg* 311.)

234 Floyd 1995 *THRHR* 469.

235 Coetzee *INCOTERMS* 96.

vernietig word, word daar nie uitdruklik melding gemaak van wie die risiko sal dra indien die koopsaak in kwaliteit verminder nie.²³⁶

Volgens Floyd kan 'n ooreenkoms om die koopsaak te vervoer egter nie 'n opskortende voorwaarde uitmaak nie, aangesien die koopkontrak nie afhanklik is van die vervoerbeding nie, maar reeds voor vervulling van daardie beding tot stand kom.²³⁷ Hamman betwyfel of Van Leeuwen in gedagte kon gehad het dat die verkoper die risiko vir vernietiging en waardevermindering sal dra van die koopsaak wat vervoer word en wat onderweg beskadig of vernietig word.²³⁸ Hy noem twee moontlikhede wat Van Leeuwen na sy mening in gedagte kon gehad het. Die een moontlikheid is dat die koopsaak verkoop word onderworpe aan die voorwaarde dat die goedere veilig by hulle bestemming aankom. Die ander moontlikheid is dat die koopsaak (wyn of graan in die betrokke geval) nog onbepaald is of eers by lewering aan die koper bepaal word. Floyd wys daarop dat hierdie standpunt van Hamman ook op die geldige veronderstelling berus dat die vervoerbeding nie 'n egte opskortende voorwaarde is nie.²³⁹

Hierdie kwessie is ook deur ons howe aangespreek. In *Jamieson & Co v Goodliffe*²⁴⁰ het die koopkontrak 'n beding ingesluit wat vereis dat die koopsaak (mielies) in die hawe van Kaapstad gelewer moet word of langs 'n sekere vaartuig in Angola Baai indien die vaartuig na Port Elizabeth kan voortgaan. Die hof beslis dat die partye nie met hierdie kontraktuele beding rakende die lewering van die koopsaak in Angola Baai bedoel het om 'n opskortende voorwaarde te skep nie.²⁴¹ Beide Floyd en Hamman is van mening dat die mielies vir doeleindes van die vervoer vanaf Kaapstad na

236 Coetzee *INCOTERMS* 96.

237 Floyd 1995 *THRHR* 469.

238 Hamman *Die Risiko by die Koopkontrak* 83.

239 Floyd 1995 *THRHR* 469.

240 1880 SC 206.

241 221-225. Sien in hierdie verband ook Coetzee *INCOTERMS* 96-97.

Port Elizabeth bepaalde en geïdentifiseerde goedere geword het wanneer dit goedgekeur is deur die kopers in Kaapstad, en die risiko daarom op hulle oorgegaan het.²⁴² Hoewel daar geen verwysing na Van Leeuwen in hierdie saak gemaak is nie, het sy argument wel 'n invloed gehad op ander Suid-Afrikaanse beslissings.²⁴³

So het die hof in *Birkbeck & Rose-Innes v Hill*²⁴⁴ bevind dat 'n KAV-beding in die koopkontrak 'n opskortende voorwaarde uitmaak. In hierdie saak moes olie vanaf New York na Kaapstad vervoer word. Met verwysing na Van Leeuwen, kom die hof tot die beslissing dat die verkoper die risiko van vernietiging van die koopsaak dra gedurende die vervoer en sal die risiko eers op die koper oorgaan wanneer die koopsaak by die eindbestemming aan hom gelewer word. Hierdie beslissing is teenstrydig met vroeëre beslissings soos *Jamieson & Co v Goodliffe* hierbo waar gevind is dat die risiko by die koper rus waar die koopsaak bepaal is in sodanige geval. Gevolglik is die *Birkbeck dictum* gekritiseer en verwerp.²⁴⁵ Volgens Coetzee is die hoofpunt van kritiek geleë in die feit dat die betrokke koopkontrak gesluit is op KAV-terme.²⁴⁶ Die skrywer wys daarop dat wanneer sodanige terme in die koopkontrak geïnkorporeer word, die partye in effek ooreenkom dat die koopsaak afgesonder word en geïdentifiseer is met die lewering aan die karweier. Dit beteken dat die koopsaak bepaal is, die koopkontrak *perfecta* is en dat die risiko op die koper oorgaan met die vervoer van die koopsaak. Hierbenewens is dit ook nie nodig om ingevolge die algemene reëls hierbo te bepaal wanneer die risiko op die koper oorgaan nie, aangesien die handelsterm waarop die partye ooreengekom

242 Floyd 1995 *THRHR* 471; Hamman *Die Risiko by die Koopkontrak* 268.

243 Coetzee *INCOTERMS* 97.

244 1915 CPD 687 708-710.

245 Hierdie beslissing is verwerp in *Thomas & Co Ltd v Whyte & Co Ltd* 1923 44 NLR 413. Vir 'n kritiese bespreking van hierdie beslissing sien veral De Wet en Yeats *Kontraktereg* 311.

246 Coetzee *INCOTERMS* 98.

het (KAV in hierdie geval) self sal voorskryf wanneer die risiko oorgaan en die algemene beginsels gevolglik nie toepassing sal vind nie.²⁴⁷

Van Leeuwen se standpunt is ook toegepas in *Montgomerie v Rand Produce Supply Co*²⁴⁸ waar 'n VOS-beding in 'n koop *ad mensuram* van mielies ter sprake gekom het. Hier het die koopsaak (mielies) muf geword voor die versending daarvan, per spoor, aan die koper. Regter Ward bevind dat die risiko by die verkoper gerus het op die tydstip toe die mielies muf geword het. Deur verwysing na Van Leeuwen se opmerking oor die risiko waar die koopsaak vervoer word, kom die hof tot die volgende beslissing

I think that under our law in a contract such as the present the risk is with the seller at any rate until the goods are delivered on the railway. Until that is done the quantity is actually unknown. The liability to pay for the goods does not arise under the contract until the rail-note is delivered, and consequently if the property were totally destroyed before being delivered to the railway no obligation to pay can arise.²⁴⁹

Volgens Floyd is hierdie saak nie 'n korrekte toepassing van die risikoreël by die opskortende voorwaarde nie.²⁵⁰ Soos reeds genoem verwys Van Leeuwen slegs na die vernietiging van die koopsaak. Aangesien die *Montgomerie*-saak gemoeid is met die vermindering in kwaliteit van die koopsaak kan Van Leeuwen se standpunt nie gebruik word ter ondersteuning van die hof se argument nie.²⁵¹ Hoe ook al dit sy, waar die kontrakspartye ooreengekom het op 'n handelsterm, is dit onnodig om gebruik te maak van 'n uitleg gebaseer op die algemene beginsels waar 'n opskortende voorwaarde in die kontrak bestaan, aangesien daardie

247 Coetzee *INCOTERMS* 98.

248 1918 WLD 167.

249 170-171.

250 Floyd 1995 *THRHR* 472.

251 Floyd 1995 *THRHR* 742; Coetzee *INCOTERMS* 98.

handelsterm voorkeur sal geniet en sal voorskryf wanneer die risiko op die koper oorgaan.²⁵²

Dus, waar die verkoper onderneem om die koopsaak te vervoer of reëlings te tref vir die vervoer daarvan en op 'n spesifieke plek aan die koper te lewer, beteken dit nie dat die verkoper die risiko sal dra totdat lewering op daardie plek geskied nie. Die risiko kan reeds voor die tydstip van lewering op die koper oorgaan sodra die koopkontrak *perfecta* is.²⁵³

4.8 *Verkope in transit*

Die oorgang van risiko by verkope in transit moet ook beoordeel word aan die algemene reël van *perfecta*-wording van die koopkontrak. Coetzee wys daarop dat wanneer goedere in grootmaat verkoop word, wat dikwels die geval is by internasionale transaksies, sal die koopkontrak *perfecta* wees indien die goedere apart gestoor word of apart in vraghouers vervoer word, aangesien die goedere in sodanige geval geïdentifiseer sal wees wanneer dit aan die karweier oorhandig word, mits die koopprys natuurlik bepaald is en die koop onvoorwaardelik is.²⁵⁴ In ander gevalle sal die oorgang van risiko uitgestel word tot op die tydstip wanneer die koopsaak fisies aan die koper gelewer word en die koopsaak dus deur individualisasie geïdentifiseer is.²⁵⁵

Indien al die vereistes vir *perfecta*-wording teenwoordig is voor die koopsaak in transit verkoop word, sal die risiko op die koper oorgaan met die sluit van die koopkontrak. Waar die kontrak so *perfecta* was met die sluit van die koopkontrak is Coetzee van mening dat die koper vir alle praktiese doeleindes die risiko van skade of verlies sal dra vanaf die

252 Coetzee *INCOTERMS* 98.

253 Coetzee *INCOTERMS* 99.

254 Coetzee *INCOTERMS* 104.

255 Coetzee *INCOTERMS* 104.

oomblik wanneer die koopsaak aan die karweier oorhandig is, aangesien hy in beginsel nie in staat sal wees om te bewys of die koopsaak onbeskadig was op die tydstip wanneer die koopkontrak gesluit is nie.²⁵⁶

4.9 Oorblywende gevalle

In alle ander gevalle waar die koopkontrak nie voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak nie, soos waar die koper die koopsaak by die verkoper se perseel moet oorneem, sal die algemene reël ook toepassing vind, naamlik dat die risiko oorgaan sodra die kontrak *perfecta* is. As sodanig kan die risiko op die koper oorgaan, selfs al is die koopsaak nog onder beheer van die verkoper.

4.10 Gevolgtrekking

Aanvanklik het die Romeinse regsisteem gebruik gemaak van kooptransaksies waar die koopsaak deur individualisasie bepaal was, die prys onmiddellik bepaalbaar was, daar geen voorwaardes aan die werking van die kontrak gekoppel was nie en waar lewering onmiddellik geskied het teen kontantbetaling. Hierdie kooptransaksies het die effek gehad om die sluiting van die koopkontrak en lewering van die koopsaak gelyktydig te laat geskied.²⁵⁷ Gevolglik het die risiko ook op die vroegste moontlike tyd op die koper oorgegaan, naamlik met die sluit van die koopkontrak. Coetzee wys daarop dat wanneer die sluit van die koopkontrak en lewering van die koopsaak gelyktydig geskied, dit ook natuurlik en billik is om die risiko op die vroegste tyd op die koper te laat oorgaan.²⁵⁸ Gegewe die aard van die kooptransaksie in daardie tydperk, het die risikoreël dan ook perfekte sin gemaak.

256 Coetzee *INCOTERMS* 104.

257 Zimmermann *The Law of Obligations* 290-291.

258 Coetzee *INCOTERMS* 133. Sien ook Zimmermann *The Law of Obligations* 290-291.

Dit is egter duidelik dat die risikoreël tot onbillike gevolge aanleiding kan gee wat moderne kooptransaksies betref, aangesien die koper die risiko kan dra van 'n koopsaak wat nie in sy besit is nie en waaroor hy geen beheer het nie. Die reël is nie gebaseer op beleidsoorwegings van internasionale handel om die risiko te plaas op die kontraksparty wat in 'n beter posisie is om na die koopsaak om te sien, moontlike skade te beperk en te voorkom, of om 'n versekeringseis of skadevergoedingseis in te stel nie.²⁵⁹ Hierdie aspek kompliseer verder die vraag rakende welke een van die kontrakspartye in 'n beter posisie sal wees om die koopsaak teen beskadiging of vernietiging te verseker.²⁶⁰

Die risikoreël is nie alleen vreemd vandag nie, maar ook moeilik om toe te pas weens die drie vereistes wat gestel word vir die oorgang van risiko. Die vereiste dat die koopkontrak nie onderworpe moet wees aan 'n opskortende voorwaarde nie is veral problematies. Hangende die vervulling van sodanige voorwaarde, word die risiko van verlies of beskadiging verdeel tussen die koper en verkoper. Volgens Coetzee is die siening dat die verlies of vernietiging van die koopsaak vervulling van die voorwaarde onmoontlik maak, nie altyd 'n bevredigende verduideliking vir hierdie vereiste nie, aangesien die vernietiging van die koopsaak nie in alle gevalle vervulling van die voorwaarde onmoontlik sal maak nie.²⁶¹ In sommige gevalle is die onsekere toekomstige gebeurtenis waarop die voorwaarde gebaseer is nie afhanklik van die bestaan van die koopsaak nie en is *perfecta*-wording van die kontrak steeds moontlik. Waar die opskortende voorwaarde vervul is, maar die koopsaak so vernietig is, word die koopkontrak uitgewis, nie as gevolg van die toepassing van die risikoreël nie, maar wel as gevolg van die onmoontlikheid van prestasie. Daar word

259 Coetzee *INCOTERMS* 133.

260 Coetzee *INCOTERMS* 133-134.

261 Coetzee *INCOTERMS* 134. Sien in hierdie verband ook Floyd 1995 *THRHR* 461 en Lotz "Purchase and Sale" 384.

egter aan die hand gedoen dat 'n argument gebaseer op onmoontlikheid van prestasie nie ag slaan op die beginsel van terugwerkendheid nie, naamlik dat die kontrak terugwerkend geag word *perfecta* te wees met die vervulling van die voorwaarde.²⁶² Indien die voorwaarde vervul is en die koopsaak bestaan het met die sluit van die koopkontrak, sal die gevolglike vernietiging van die koopsaak nie 'n invloed op die oorgang van risiko hê nie, aangesien die koopsaak wel bestaan het met die sluit van die koopkontrak. Dit is ook die posisie waar die koopsaak slegs beskadig word.

Volgens Coetzee is die mees logiese verduideliking waarom die beginsel van terugwerkendheid wel toepassing vind in situasies waar 'n opskortende voorwaarde vervul is en die koopsaak beskadig is, maar nie toepassing vind waar die koopsaak vernietig is nie, te vinde in die historiese oorsprong van die reël.²⁶³ In die klassieke Romeinse reg het die vervulling van 'n voorwaarde *ex nunc* gefunksioneer en nie terugwerkend soos vandag nie. Hierbenewens was 'n voorwaarde nie geag om alleen die werking van die transaksie op te skort nie, maar ook die totstandkoming van die koop as 'n regshandeling. Waar die koopsaak dus vernietig is en dit vervulling van die voorwaarde onmoontlik gemaak het, het die koop nooit in werking getree nie.²⁶⁴

Hierdie argument rakende die vervulling van 'n voorwaarde is ook deur Romeins-Hollandse outeurs gebruik om die vereiste dat goedere gemeet, geweeg of getel moet word in die geval van 'n koop *ad mensuram* te verduidelik.²⁶⁵ Coetzee wys egter daarop dat hierdie vereiste nie 'n voorwaarde in die tegniese sin is wat tot die opskorting van die werking van die kontrak lei nie, maar alleenlik dien om die *perfecta*-wording van die koop

262 Lambiris 1984 SALJ 658-659.

263 Coetzee INCOTERMS 135.

264 Bauer *Periculum Emptoris* 31-37.

265 Coetzee INCOTERMS 135.

te verhoed.²⁶⁶ By 'n ware opskortende voorwaarde word die werking van die ooreenkoms opgeskort hangende die vervulling van 'n onsekere toekomstige gebeurtenis. In die geval van 'n koop *ad mensuram* waar die goedere gemeet, geweeg of getel moet word is daar geen onsekere toekomstige gebeurtenis wat die werking van die ooreenkoms opskort nie. Die partye is steeds in staat om die goedere te meet, weeg of te tel en dit kan op enige tydstip gedoen word.

Hoewel die risikoreël sin gemaak het in klassieke tye is dit duidelik dat dieselfde nie vandag gesê kan word nie. Nie alleen is die reël ongeskik om op effektiewe wyse die oorgang van risiko tussen kontrakspartye tot 'n internasionale transaksie te reël nie, maar lei die reël dikwels ook tot onbillike gevolge wat plaaslike kooptransaksies betref.

5 Gevolgtrekking

By 'n internasionale kooptransaksie bestaan daar altyd die gevaar dat die koopsaak beskadig of vernietig kan word op 'n tydstip tussen die sluit van die koopkontrak en ontvangs van die goedere deur die koper. In die afwesigheid van 'n uitdruklike of stilswyende ooreenkoms tussen die partye, sal die toepaslike regstelsel wat die koopkontrak beheers, voorskryf welke een van die partye sodanige verlies of skade sal dra en meer spesifiek of die koper steeds die koopprys moet betaal vir 'n koopsaak wat hy nooit ontvang het nie, of in 'n beskadigde toestand ontvang het. Die risikoreël sal egter nie alleen voorskryf welke een van die partye die risiko sal dra waar die koopsaak beskadig of vernietig word nie maar ook, hoewel indirek, wie die koopsaak moet verseker, 'n versekeringseis teen die versekeraar moet instel en wie die las sal dra in die geval van onvoldoende of onderversekering. Wees hierdie finansiële implikasies wat die risikoreël vir

266 Coetzee *INCOTERMS* 135.

elke internasionale transaksie inhou, is dit belangrik dat die risikoreël van die betrokke regstelsel, wat die koopkontrak beheers, effektief sal wees.

Die oorgang van risiko in nasionale regsisteme word hoofsaaklik op een van drie teorieë gebaseer, naamlik die sluit van die koopkontrak, oordrag van eiendomsreg en oordrag van fisiese beheer van die koopsaak. Ontleding van elkeen van hierdie teorieë dui egter op 'n ongeskiktheid om die behoeftes van moderne handel in die algemeen, en internasionale kooptransaksies in die besonder, aan te spreek. Dit is veral waar as 'n mens rekening hou met die feit dat hierdie teorieë ontstaan het gedurende 'n tydperk waar handelsomstandighede grootliks verskil het van moderne praktyke. Deur die oorgang van risiko aan die sluiting van die koopkontrak te koppel, word daar nie rekening gehou met daardie gevalle waar die koopsaak onder die beheer van 'n karweier geplaas word wat die koopsaak sal vervoer en op sy beurt aan die koper sal lewer nie. Hierbenewens is die onderwerp van die koop dikwels 'n saak wat nog vervaardig staan te word en wat nie in staat is om aan die koper gelewer te word met die sluit van die koopkontrak nie. Gegewe die diversiteit van reëls rakende die oordrag van eiendomsreg in nasionale regsisteme en aangesien beleidsoorwegings onderliggend aan die oorgang van risiko en eiendomsreg onafhanklik van mekaar staan, is dit nie alleen onwenslik nie, maar bykans onmoontlik om 'n universeel aanvaarbare risikoreël te formuleer wat gebaseer is op die oordrag van eiendomsreg. Hoewel die kontraksparty wat in fisiese beheer van die koopsaak is in 'n beter posisie is om na die koopsaak om te sien, word die koopsaak egter in die meerderheid van transaksies onder die beheer van 'n karweier geplaas vir die vervoer daarvan na die koper.

In die opstel van die CISG is daar wegbeweeg van die tradisionele benaderings in nasionale regsisteme om die oorgang van risiko tydens die kooptransaksie aan 'n enkele insident te koppel. 'n Praktiese benadering tot risikoreëling word in die Konvensie aangetref deur 'n onderskeid te tref

tussen gevalle waar die koopkontrak voorsiening maak vir die vervoer van die koopsaak, waar die koopsaak in transito verkoop word en die oorblywende gevalle, soos byvoorbeeld waar die koopsaak deur die koper by die verkoper se perseel afgehaal moet word. Deur na te laat om sekere belangrike konsepte in die Konvensie te definieer word die potensiaal vir strydige interpretasies van die reëls met betrekking tot die oorgang van risiko vergroot, wat die eenvormige toepassing van die inhoud daarvan kan belemmer. In sekere gevalle lei hierdie reëls ook tot die verdeling van die risiko tussen die koper en verkoper wat die vraag rakende welke een van die kontrakspartye moontlik die aanspreeklikheid sal dra waar die koopsaak beskadig of vernietig word, kan bemoeilik.

Hoewel hierdie tekortkominge die ontwikkeling van 'n universele koopreg en die ekonomiese doeltreffendheid van 'n internasionale kooptransaksie kan affekteer, is die uitgangspunt te vinde in die Konvensie egter vir die grootste gedeelte gebaseer op beleidsoorwegings onderliggend aan 'n effektiewe internasionale risikoreël deurdat die risiko geplaas word op die kontraksparty wat in 'n beter posisie is om die skade of verlies van die koopsaak te voorkom, sodanige gevolge te beperk, die omvang van die skade te beoordeel en 'n versekeringseis in te stel wanneer sodanige skade of verlies wel intree. Die wêreldwye aanvaarding van die CISG getuig van 'n risikoreël wat gevolg gee aan die moderne realiteite van internasionale handel.

Die Suid-Afrikaanse risikoreël by die koopkontrak is uniek in sover die oorgang van risiko nie gekoppel word aan 'n enkele insident tydens die kooptransaksie soos by ander nasionale regsisteme nie, maar wel aan die drie vereistes vir *perfecta*-wording van die koopkontrak. Die reël het ook sin gemaak in die Romeinse tydperk waar dit ontstaan het, aangesien kooptransaksies in daardie tydperk gekenmerk is aan 'n koopsaak wat deur individualisasie bepaal is, met 'n prys wat onmiddellik bepaalbaar was en

waar daar geen opskortende voorwaarde aan die werking van die kontrak gekoppel is nie. Hierbenewens het lewering van die koopsaak onmiddellik geskied teen kontantbetaling. Gevolglik was dit ook billik om die risiko op so 'n vroeë tydstip op die koper te plaas.

Moderne kooptransaksies, veral in die internasionale konteks, is egter meer gesofistikeerd, aangesien die lewering van die koopsaak en oorgang van eiendomsreg dikwels uitgestel word tot op 'n tydstip ná die sluit van die koopkontrak. Anders as die CISG, is die Suid-Afrikaanse risikoreël nie gebaseer op beleidsoorwegings van internasionale handel om die risiko te plaas op die kontraksparty wat in 'n beter posisie is om na die koopsaak om te sien, moontlike skade te beperk en te voorkom, of om 'n versekeringseis in te stel nie. As sodanig kan die risikoreël tot onbillike gevolge aanleiding gee deurdat die koper die risiko kan dra van 'n koopsaak wat nie in sy besit is nie en waaroor hy geen beheer het nie. Hierbenewens word die toepassing van die reël bemoeilik deur die drie vereistes wat gestel word vir *perfecta*-wording van die kontrak en die verskeie benaderings tot die uitleg van elke vereiste, wat tot onsekerheid aanleiding kan gee. Nie alleen is die reël ongeskik om op effektiewe wyse die oorgang van risiko tussen kontrakspartye tot 'n internasionale transaksie te reël nie, maar lei die reël dikwels ook tot onbillike gevolge wat plaaslike kooptransaksies betref. As sodanig behoort daar 'n saak uitgemaak te word vir regshervorming van hierdie gedeelte van die Suid-Afrikaanse koopreg wat plaaslike kooptransaksies betref en die ratifisering van die CISG wat internasionale kooptransaksies betref.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

Audit "The Vienna Sales Convention"

Audit B "The Vienna Sales Convention and the Lex Mercatoria" in Carbonneau TE (reds) *Lex Mercatoria and Arbitration: A Discussion of the New Law Merchant* (Juris Publishing 1998)

Bauer *Periculum Emptoris*

Bauer M *Periculum Emptoris: Eine Dogmengeschichtliche Untersuchung zur Gefahrtragung beim Kauf* (Duncker & Humblot Berlin 1998)

Bernstein en Lookofsky *Understanding the CISG*

Bernstein H en Lookofsky J *Understanding the CISG in Europe* 2e uitg (Kluwer Law International The Hague 2003)

Bollée "The Theory of Risks"

Bollée S "The Theory of Risks in the 1980 Vienna Sale of Goods Convention" in Maggi M (reds) *Review of the Convention on Contracts for the International Sale of Goods* (Kluwer Law International The Hague 2000)

Bridge "The Transfer of Risk"

Bridge M "The Transfer of Risk under the UN Sales Convention 1980 (CISG)" in Andersen CB en Schroeter UG (reds) *Sharing International Commercial Law accross National Boundaries: Festschrift for Albert H Kritzer on the Occasion of his Eightieth Birthday* (Simmonds & Hill Publishing 2008)

Coetzee *INCOTERMS*

Coetzee J *INCOTERMS as a form of standardization in international sales law: an analysis of the interplay between mercantile custom and substansive sales law with specific reference to the passing of risk* (LLD-verhandeling Universiteit van Stellenbosch 2010)

De Vries 1982 *Eur Trans L*

De Vries H "The Passing of Risk in International Sales under the Vienna Sales Convention 1980 as compared with Traditional Trade Terms" 1982 *European Transport Law* 495-528

De Wet en Yeats *Kontraktereg*

De Wet JC en Yeats JP *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 4e uitg (Butterworths Durban 1978)

Eiselen "A Comparison of the Remedies"

Eiselen GTS "A Comparison of the Remedies for Breach of Contract under the CISG and South African Law" in Basedow J ea (reds) *Aufbruch nach Europa – 75 Jahre Max-Planck-Institut für Privatrecht* (Mohr Siebeck Tübingen 2001)

Eiselen 2007 *SA Merc LJ*

Eiselen GTS "Adopting the Vienna Sales Convention: Reflections Eight Years down the Line" 2007 *South African Mercantile Law Journal* 14-25
Eiselen 1996 *SALJ*

Eiselen 1996 *SALJ*

Eiselen GTS "Adoption of the Vienna Convention for the International Sale of Goods (the CISG) in South Africa" 1996 *South African Law Journal* 323-370

Eiselen 1999 *EDI L Rev*

Eiselen GTS "Electronic commerce and the UN Convention on Contracts for the International Sale of Goods (CISG) 1980" 1999 *EDI Law Review* 21-46

Enderlein en Maskow *International Sales Law*

Enderlein F en Maskow D *International Sales Law: United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods* (Oceana Publications New York 1992)

Erauw 2005 *J L & Com*

Erauw J "CISG Articles 66-70: The Risk of Loss and Passing It" 2005 *Journal of Law and Commerce* 203-218

Flambouras 2001 *Int Trade & Bus L Ann*

Flambouras D "Transfer of Risk in the Contract of Sale Involving Carriage of Goods. A Comparative Study in English Law, Greek Law and the United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods" 2001 *International Trade and Business Law Annual* 87-150

Floyd 1995 *THRHR*

Floyd TB "Enkele opmerkings oor die werking van die risiko-reël by die koop onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde en soortgelyke bedinge" 1995 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 461-472

Forsyth *Private International Law*

Forsyth CF *Private International Law (The Roman-Dutch law including the jurisdiction of the Supreme Court)* 4e uitg (Juta Kaapstad 2003)

Fouché *Legal Principles of Contracts*

Fouché MA *Legal Principles of Contracts and Negotiable Instruments* 3e uitg (Butterworths Durban 1995)

Goodfriend 1984 *Colum J Transnat L*

Goodfriend DE "After the Damage is Done: Risk of Loss Under the United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods" 1984 *Columbia Journal of Transnational Law* 575-606

Hackwill *MacKeurtan's Sale of Goods*

Hackwill GRJ *MacKeurtan's Sale of Goods in South Africa* 5e uitg (Juta Kaapstad 1984)

Hamman *Die Risiko by die Koopkontrak*

Hamman EM *Die Risiko by die Koopkontrak in die Suid-Afrikaanse Reg* (LLD-verhandeling Leiden 1938 Van Schaik Pretoria 1938)

Honnold "Risk of Loss"

Honnold JO "Risk of Loss" in Galston NM en Smit H *International Sales: The United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods* (Matthew Bender New York 1984)

Honnold *Uniform Law for International Sales*

Honnold JO *Uniform Law for International Sales under the 1980 United Nations Convention* 3e uitg (Kluwer Law International 1999)

Hugo 1999 SA Merc LJ

Hugo C "The United Nations Convention on the International Sale of Goods: Its Scope of Application from a South African Perspective" 1999 *South African Mercantile Law Journal* 1-27

Kahn *Contract and Mercantile Law*

Kahn E *Contract and Mercantile Law through the Cases* (Juta Kaapstad 1971)

Kahn *Principles of the Law of Sale*

Kahn E *Principles of the Law of Sale & Lease* 2e uitg (Juta Kaapstad 2008)

Kerr *The law of Sale*

Kerr AJ *The law of Sale and Lease* 3e uitg (Butterworths Durban 2004)

Klotz en Barrett *International Sales Agreements*

Klotz JM en Barrett JA *International Sales Agreements: An Annotated Drafting and Negotiating Guide* (Kluwer Law International The Hague 1998)

Lambiris 1984 SALJ

Lambiris MAK "The incidence of risk in conditional sales" 1984 *South African Law Journal* 656-674

Lotz "Purchase and Sale"

Lotz J "Purchase and Sale" in Zimmermann R en Visser C (reds) *Southern Cross: Civil Law and Common Law in South Africa* (Juta Kaapstad 1996)

Morice 1912 SALJ

Morice GT "The Risk of the Thing Sold" 1912 *South African Law Journal* 239-245

Mostert, Joubert en Viljoen *Die Koopkontrak*

Mostert DF, Joubert DJ en Viljoen G *Die Koopkontrak* (Butterworths Durban 1972)

Nicholas "Passing of Risk"

Nicholas "Passing of Risk: Articles 66-70" in Bianca CM en Bonell MJ (reds) *Commentary on the International Sales Law* (Giuffrè Milan 1987)

Oberman *Transfer of Risk*

Oberman NG *Transfer of Risk from seller to buyer in international commercial contracts: A comparative analysis of Risk Allocation under the CISG, UCC and INCOTERMS* (LLM-verhandeling Laval Universiteit 1997)

Romein *The Passing of Risk*

Romein A *The Passing of Risk A comparison between the passing of risk under the CISG and German law* (LLM-verhandeling Universiteit van Heidelberg 1999)

Roth 1979 *Am J Comp L*

Roth PM "The Passing of Risk" 1979 *American Journal of Comparative Law* 291-310

Schlechtriem *Commentary on the UN Convention*

Schlechtriem P *Commentary on the UN Convention on the International Sale of Goods (CISG)* 2e uitg (Clarendon Press Oxford 1998)

Schlechtriem *Uniform Sales Law*

Schlechtriem P *Uniform Sales Law – The UN-Convention on Contracts for the International Sale of Goods* (Manz Vienna 1986)

Stocks1993 *Nw UL Rev*

Stocks M "Risk of loss under the Uniform Commercial Code and the United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods: A Comparative Analysis and Proposed Revision of UCC Sections 2-509 and 2-510" 1993 *Northwestern University Law Review* 1415-1436

Van den Bergh 2008 *JSAL*

Van den Bergh R "*Perfecta emptione periculum est emptoris: why all the fuss?*" 2008 *Journal of South African Law* 623-644

Van der Merwe ea *Kontraktereg*

Van der Merwe SWJ ea *Kontraktereg: Algemene Beginsels* 3e uitg (Juta Lansdowne 2007)

Van Zyl *Romeinse Privaatreg*

Van Zyl DH *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* (Butterworths Durban 1977)

Visser 1998 *UMKC L Rev*

Visser E "Favor Emptoris: Does the CISG favor the Buyer?" 1998 *University of Missouri Kansas City Law Review* 77-92

Von Hoffmann "Passing of Risk"

Von Hoffmann B "Passing of Risk in International Sales of Goods" in Šarčević P en Volken P (reds) *International Sale of Goods* (Dubrovnik Lectures 1986)

Zimmermann *The Law of Obligations*

Zimmermann R *The Law of Obligations: Roman Foundations of the Civilian Tradition* (JutaKaapstad 1990)

Zulman en Kairinos *Norman's Law of Purchase*

Zulman RH en Kairinos G *Norman's Law of Purchase and Sale in South Africa* 5e uitg (Butterworths Durban 2005)

Regspraak

Birkbeck & Rose-Innes v Hill 1915 CPD 687

England v Smith 1904 9 HCG 325

Gengan v Pathur 1977 1 SA 826 (D)

Jamieson & Co v Goodliffe 1880 SC 206

Montgomerie v Rand Produce Supply Co 1918 WLD 167

Rood's Trustees v Scott and De Villiers 1910 TPD 47

Thomas & Co Ltd v Whyte & Co Ltd 1923 44 NLR 413

Van der Merwe v Viljoen 1953 1 SA 60 (A)

Wetgewing

Doeane- en Aksynswet 91 van 1964

Internasionale instrumente

United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods 1980

Internetbronne

Sevón L 1985 *Passing of Risk*
<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/sevon3.html> [datum van gebruik 2 Junie 2011]

Valioti Z 2003 *Passing of Risk in international sale contracts: A comparative examination of the rules on risk under the United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods (Vienna 1980) and INCOTERMS 2000* <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/valioti1.html> [datum van gebruik 2 Junie 2011]

Ziegel JS 1981 *Report to the Uniform Law Conference of Canada on Convention on Contracts for the International Sale of Goods* <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel67.html> [datum van gebruik 2 Junie 2011]